Leef in die ewigheid

Dr. Gerrie de Haas

gerrie@houseofministries.co.za

INHOUDSOPGAWE

LEEF IN DIE EWIGHEID

Die restourasie van die kerk gaan ‘n nuwe groep leiers oplei met ‘n apostoliese salwing wat die gelowiges gaan help verander.
Die doel bly dat almal in die kerk toegerus moet word om uit te gaan en magtige dinge te doen.
Ons moet in die toekoms die sienbare glorie en die heerlikheid van God sien.

1. Leef in die ewigheid.
2. Die kruisiging van Jesus Christus.
3. Die oordeel van God.
4. By God is alles moontlik.
5. Wonderwerke gebeur nog altyd.
6. Stoor dit in jou brein.
7. “Swyg en wees stil”.
8. Die glorie van God.
9. Vader, verlos my van die bose.
10. Bekering van Paulus.

LEEF IN DIE EWIGHEID

Soos wat ons daagliks nuwe openbaringe van God ontvang en sien, beïnvloed dit verseker ook die manier waarop ons die geestelike lewe sien.
God het eienaarskap van ons en Hy besit ons vanaf die eerste oomblik wat ons Hom aangeneem het by wedergeboorte.
Geen mensgemaakte wette mag hiermee inmeng nie want Sy genade sal ons bedek.

As ons werklik die Evangelies in diepte begin lees kom ek tot die gevolgtrekking dat, as ons nie kan verstaan wat Jesus vir ons in die Evangelies sê nie, ons totaal die boodskap van die kruisiging mis.
As die Kerk ophou met hulle mensgemaakte doktrines en begin terugverwys na die Evangelies, sal dit met almal baie beter gaan.
Daar is soveel mensgemaakte afleidings uit die Bybel.

Ons is so vinnig met teregwysing oor misleiding maar wat is ons veronderstel om as die waarheid te hê? Ons moet dinge in die Woord sien soos wat Jesus dit gesien het. As ek iets in die Bybel nie verstaan soos wat God dit verstaan nie, is ek in misleiding.
Die oomblik wat jy jou huidige vlak van misleiding kan identifiseer, het jy 'n kans om dit te oorkom. As jy dit nie herken nie en steeds net aangaan met mensgemaakte idees, het jy dit gemis.
Daar is so 'n belangrike gedeelte in Johannes oor God se genade en vergifnis, maar ons lees dit nie mooi raak nie.

Johannes 8:1-11. **Die owerspelige vrou.**
'Maar Jesus het na die Olyfberg gegaan.
En vroeg in die môre het Hy weer in die tempel gegaan, en al die mense het na Hom gekom, en **Hy het soos dit Sy gewoonte was,** gaan sit en hulle geleer.
En die skrifgeleerdes en die Fariseërs het 'n vrou wat in **owerspel** betrap was, na Hom gebring. **Sy is deur hulle veroordeel om gestenig te word volgens hulle wet'.**

As ons na hierdie gedeelte kyk sien ons 'n wonderlike verhaal van die genade en vergifnis van Jesus Christus.
Vers 3: Die Oorspronklike Woord van God het steniging as 'n reël totaal verbied. Dit het net nooit gestrook met God se wette wat ons beveel om mense as familie te sien en lief te hê.

Mense in daardie tydperk wat moordenaars was en wat deur 'n volledige raad skuldig bevind is, is opgehang aan hulle nekke en so doodgemaak. Alle steniging wat plaasgevind het was die wette van die korrupte Joodse leiers, om mense te beheer deur vrees.

Dis net interessant dat die eerste nasie wat misdadigers gekruisig het, die Romeine was. Mense is aan houte, bome of pale vasge-spyker om so dood te gaan. Meestal aan akute hartversaking agv die ophoop van vog in die longe.
Omdat misdadigers as vervloektes beskou is, staan daar: 'Vervloek is elkeen wat hang aan 'n boom'.
Christus is as 'n vervloekte gesien en daarom gekruisig.
Wanneer moes dit gebeur? Eers met die koms van die Romeine.
Dis waarom Christus in daardie tydvak gelewe het.

Vers 3: Daarom staan daar: Sy is deur hulle veroordeel om gestenig te word volgens **hulle** wet.
Vers 6: Jesus wat vir die Jode sê: 'Hierdie is julle wette wat julle verander het na wette van dood'.
Die groot vraag was nog altyd: Waar was die man wat in die daad betrap is? Hierdie wette was spesifiek daarop gemik om te vrouens te straf. Mans is nooit as die 'verkeerdes' gesien nie!

vers 4: En toe hulle haar tussen hulle in laat staan het, sê hulle vir Hom: Meester, hierdie vrou is op 'n daad van **owerspel** betrap;
vers 5: en Moses het ons in die wet bevel gegee om sulke vroue te stenig; maar U, wat sê U? **Jesus vra haar toe: Is jy jammer oor jou sonde, my dogter? Sy het uit haar hart uit belydenis gedoen. Jesus fluister toe vir haar: Dan vergewe Ek jou.**

vers 6: En dit het hulle gesê om Hom te versoek, sodat hulle iets kon hê om Hom te beskuldig; maar Jesus het neergebuk en met **Sy vinger op die grond die Twaalf Verbondsgebooie wat deur Moses gebring is, geskrywe en gesê: Hierdie is God se Verbonds-wette vir Lewe, wat julle verander het na wette van dood.**
vers 7: Maar toe hulle aanhou om Hom te vra, het Hy Hom opgerig **en na hulle gewys en vir hulle gesê**: **Laat dié een wat nie hierdie Verbondsgebooie breek nie,** die eerste 'n klip op haar gooi.
vers 8 En weer het Hy neergebuk en op die **grond met Sy vinger name en plekke** geskrywe.
vers 9: En toe hulle agterkom dit is oor hulle eie sondes, is

hulle deur hul eie gewete bestraf en het hulle een vir een weggegaan, van die slimste ouderlinge af tot die laaste toe. Jesus het alleen agtergebly, en die vrou **wat daar in hulle midde gestaan het.**
<u>vers 10</u> En toe Jesus Hom oprig en besef wat in haar hart omgaan en niemand sien behalwe die vrou nie, sê Hy vir haar: Vrou, waar is daardie beskuldigers van jou? Het niemand jou veroordeel nie?
<u>vers 11</u>: En sy antwoord: Niemand nie, Meester. En Jesus sê vir haar: Ek veroordeel jou ook nie. **Gaan heen en dink oor jou weë. Van nou af moet jy nie meer rebelleer teen God se Verbondswoorde nie. Weet, God het jou meer lief as 'n sondaar wat bely het, as al daardie geveinstes saam.**

<u>Vers 5:</u> As jy uit jou hart jou sonde bely, sal God jou altyd vergewe.

Kerk, ons is besig om 'n Eindtyd-stryd binne te gaan wat baie naby is. Die Here sê baie duidelik wat met ons gaan gebeur en ook 'as jy in My is, sal niks aan jou kan raak nie'.
Dit kan slegs so wees as daar eenheid in die liggaam van Christus is. Daar is die skrif waar Jesus sê: 'Vader, soos wat U in My is en Ek in U, laat hulle ook een in Ons wees'
<u>Wat beteken dit?</u>
Die Here wys my 'n baba in die ma se baarmoeder. Die ma is in die baba want haar bloed sirkuleer deur die kind. Die baba is in die ma en die baba is totaal afhanklik van die ma vir kos en suurstof en lewe vir 9 maande lank. Die vrugwater om die baba bepaal sy lewenskwaliteit in utero en as daar fout is met die vrugwater, beïnvloed dit hom negatief in sy ontwikkeling.

In die Woord is baie skrif oor water en bloed. Op die aarde is die drie getuienisse: Water, Bloed en Heilige Gees. In die hemel is dit God, Jesus en Heilige Gees. Die enigste plek waar water en bloed gelyk voorkom, is wanneer 'n baba gebore word. Daar was ook water en bloed teenwoordig tydens Jesus se kruisiging.

Voor die grondlegging van die aarde, was ons as gees in God, in Sy binneste. Ons is lank voor die tyd al as gees geskape en op die regte tyd op aarde geplaas as mense, om heerskappy oor Sy skepping te hê. Toe Adam val, het ons daardie hele sisteem verloor.
God het in die tuin vir Adam gevra 'waar is jy?' Nie omdat Hy hom gesoek het en nie geweet het waar hy is nie.

God vra vandag steeds dieselfde vir ons: 'Waar is jy in My?'.
As ons na God kom en vra dat ons alles wil hê wat Hy vir ons beskikbaar stel, gaan Hy vra waar jy is, waar staan jy in jou verhouding met Hom. Is jy waar jy veronderstel is om te wees?

God het vir elkeen 'n doel op hierdie aarde.
Elkeen het 'n funksie in die liggaam van Christus. As ons nie kan instap in dit waarvoor God ons geskape het nie, kan eenheid in die liggaam van Christus nie plaasvind nie.
As dit nie gebeur nie, kan ons nie die Eindtyd-stryd wen nie.
Om die stryd te kan wen en om in ons erfenis in te loop. Dit kan alleenlik gebeur as ons begin om in God se teenwoordigheid te leef.

God sê vir jou vandag: 'Begin om te leef in die ewigheid'.
Dit beteken om in God se teenwoordigheid te leef. Jesus sê in die Woord dat Hy niks doen tensy Hy Sy Vader dit sien doen nie. Ons wil nou die groter werke doen wat Jesus belowe het, maar as ons nie in totale eenheid saam met Hom loop nie, hoe gaan ons dit regkry?

Ons is tevrede met 'n stukkie van God deur 'n profetiese woord of 'n woord van kennis of wysheid, terwyl ons in die groter prentjie van Sy volheid hier op aarde kan leef. Ons kan dit alles hê en dis waarheen ons moet beweeg.
'n Deel van die Eindtyd-stryd is om die vlees totaal te kruisig.
Ons is so vasgevang deur die aardse sisteem dat ons die Here heeltemal mis.

Ons kry dit nie regtig reg want ons is ongehoorsaam.
Hoe kan die Here ons dan vertrou met Sy krag? Ons soek Sy krag en outoriteit maar ons kan nie eers die basiese beginsels toepas nie. Ons leef nie soos ons moet nie. As mens mooi gaan kyk na wat die volheid van die Drie-Enigheid in my beteken en ons besef regtig wat is binne in ons, sal ons sien dat dit alles van God af is.

God het 'n berg waarteen ons moet opgaan, om oorwinnaars te kan wees. Ons is vinnig om te sê ons is oorwinnaars, maar wat het jy oorwin? Joyce Meyer sê altyd: 'Ons wil oorwinnaars wees, maar het niks om te oorwin nie'. Ons wil alles maklik hê, sonder letsels op ons liggame wat ooreenstem met die kruisiging van Jesus.

As ons nie in hierdie eindtye die vlees gaan kruisig nie, gaan ons verloor. Die wêreld se opinie van hoe dinge werk, staan lynreg teenoor hoe God wil hê ons dinge moet doen.
Antwoord jouself eerlik met die vraag of jy al ooit regtig oor die ewigheid gedink het. Wat gaan gebeur die dag as jy sterf?
Wat gaan jy in die hemel doen?

Ons lewe op aarde is veronderstel om 'n voorbereiding te wees van dit wat ons in die ewigheid gaan doen. In plaas daarvan word ons beheer deur emosie, pyn, vrese en swaarkry in ons aardse lewe. Ons vergeet dat dit sal verby gaan en dat God eendag vir ons in die hemel sal vra om te wys wat ons met ons tyd gedoen het.
Ons gaan voor die Troon van Oordeel staan terwyl ons hele lewe voor ons afspeel. Jy sal daar tot die besef kom dat jy tot bekering gekom het, net daar gebly het en die troon wat God vir jou het, nie in besit geneem het nie. Dit gebeur as mens te besig is met mensgemaakte wyshede en ander probeer imponeer hier op aarde.

Ons is nog daagliks besig om met vleeslike oë na die wêreld om ons te kyk. Hoe meer ons onsself besig hou met aardse dinge, hoe meer mis ons wat die Here in die ewigheid vir ons het.

Die hoofrede hoekom mense nie vry kom van hul verledes nie, is omdat die aardse sisteem steeds belangriker vir hulle is. Jesus sê herhaaldelik dat ons nie aardse skatte moet opgaar nie maar wel in die hemel waar dit nie vernietig kan word nie. Hierdie skatte is die 'waarhede van God'. Jesus vertel op verskeie plekke van mense wat 'n skat kry in die grond en dan alles wat hulle het verkoop om die grond te kan koop om die skatte te kan ontgin.

Wat is ons bereid om op te gee om die waarheid van God te verkry en te weet waarheen jy oppad is? Sonder eenheid in die liggaam van Christus sal ons dit nie maak nie. As jy nie weet wat jou roeping is nie, gaan lê voor die Here se aangesig totdat jy weet.
As jy weet waarheen jy oppad is, sal daar nie struwelinge wees met afguns en nydigheid nie. Jou roeping is soos 'n berg wat jy moet klim, met verskillende skatte en uitdagings oppad boontoe. Eers as jy bo gekom het, sal jy kan sê jy is meer as 'n oorwinnaar.

Die berg is in jou hart, die volheid van die Here, soos die rivier van God in jou.

Die Bybel sê herhaaldelik dat wat ons met ons fisiese oë sien, van baie minder belang is as wat ons in die gees sien. Ons kom in situasies en sien in die gees, maar die volgende dag is die realiteit van wat my fisiese oë sien, te groot en ons begin twyfel.
Die sorge van die lewe maak dat die goeie woord in jou deur die voëls opgepik gaan word.

Kim Clement stel dit goed: 'You need sight, then you need insight'.
'Insight' beteken om deur geestelike oë te kyk.
Daar is 'n feit en daar is 'n waarheid. 'n Feit verander 99% van die tyd. Die waarheid van God kan nooit verander nie, daarom sê God dat Hy nie 'n mens is wat kan lieg nie.

Ons kom in situasies waar ons moet klaar kry met wêreldse dinge wat mense rondom ons en aan ons doen, en besef dat dit van minder belang is as dit wat God vir ons in die ewigheid het.
Begin om te leef in die ewigheid !!
.....

DIE KRUISIGING VAN JESUS CHRISTUS

As ons oor die kruisiging van Jesus praat is dit so belangrik om altyd te weet dat Jesus aarde toe gekom het om te sterf om die mensdom se verhouding met God te herstel.
Hy het dit van die begin af geweet. Daarom sê Hy in Mattheus 26 in Getsémané: 'Vader, laat Ek hierdie beker nou neem, want dit is wat Ek begeer en wat U begeer. Laat dit nou so wees'.
Hy sê ook in Johannes 18: 'Die beker wat die Vader My gegee het en wat Ek gekies het om te drink, moet Ek dit dan nie ook drink vir julle verlossing nie?'

Daar het soveel dinge aanleiding gegee na daardie laaste dag toe. Jesus het in die drie jaar wat bepaal was Sy Koninkryk op aarde gevestig. Hy was nou gereed vir die laaste paar treë.

Ons gaan terug na twee dae voor die kruisiging.
Al die Jode is besig om gereed te maak vir die Pasga.
Die fees van die Pasga en van die Ongesuurde brode ('Pass-over')

word gehou om die tyd te onthou toe God Sy volk uit Egipteland verlos het. Daardie nag het God Sy volk verlos toe die Doodsengel oor die stad gegaan. (‘Passed over the city’.) Die Jode sien hierdie as ‘n baie belangrike datum en dit word nog altyd jaarliks herdenk.
Dit was alreeds so in die tydperk toe Jesus op aarde was.

Alles was hierdie jaar in gereedheid vir die Pasga.
Duisende mense het na Jerusalem gestroom vir die fees.
Jerusalem, gebou deur Dawid, was die hoofstad en hoofsentrum vir alle geestelike dinge, besigheid en vir die industrie en was die grootste stad in Judea. Almal kom met hulle families, skape, bokke en duiwe om die hele week by die fees deur te bring.
Meeste van hulle het vir dae en weke geloop om hier uit te kom – baie op donkies en kamele, maar die meeste te voet.
Die Sanhedrin was ook besig om alles gereed te kry.

Markus 14:1-2;
‘En die pasga en die fees van die ongesuurde brode sou oor twee dae wees; en die owerpriesters en die skrifgeleerdes het gesoek hoe hulle Hom met lis gevange kon neem en doodmaak.
Maar hulle het gesê: Nie op die fees nie, sodat daar nie miskien ‘n oproer onder die volk kom nie’.

Markus 14:3;
‘En toe Hy in Betánië was, in die huis van Simon, die melaatse, was.’

As jy van die noorde af kom is Betanië die laaste dorp voordat jy by Jerusalem kom – net ‘n paar kilometer weg.
Jesus en Sy dissipels het daar oorgebly.

Betanië was vir Jesus ‘n belangrike plek. Onthou, Sy vriend Lasarus en sy susters het daar gebly en ook ene Simon.
Simon was ‘n welgestelde man, maar ongelukkig melaats. Vroeër was Jesus in Betanië. Daar het Hy vir Simon gevind en hom genees van sy melaatsheid. Hy was baie dankbaar teenoor Jesus en het sy vriend geword. So het dit gekom dat Jesus en sy manne by Simon aan huis was, twee dae voor die Pasga.

Markus 14:3; ‘...terwyl Hy aan tafel was..’

Die ete word vinnig bedien en die vroue verlaat die vertrek dadelik, want hulle was gladnie toegelaat om in die vertrek te wees as manne eet nie.

So vind ons Jesus aan die tafel waar hulle gesit en gelê het, soos die gewoonte was in daardie dae.
Skielik gaan die deur oop en 'n vrou kom binne.

Markus 14:3; '...kom daar 'n vrou met 'n albaste fles in..'

Nou, hierdie was 'n baie ongeleë tyd vir haar om in te kom.
Wie was hierdie vrou? 'n Prostituut of dalk Maria van Magdalena?
Maar defnitief iemand wat Jesus voorheen gehelp het.
Sy kom die vertrek binne. Jesus was nie naby die deur nie.
Soos die gewoonte was is Hy as die ge-eërde gas beskerm deur die gasheer en het Hy bo aan die tafel gelê. Ver weg van die deur af.
Die vrou moes dus bo-oor almal klim om by Hom uit te kom.

Markus 14:3; '..in haar hande 'n fles met egte, baie kosbare nardussalf...'

Wat is dit? Nardussalf is gemaak uit spesifieke speserye – ingevoerde speserye wat nie uit daardie area gekom het nie, maar uit Afrika. Dit was altyd gebruik deur die Egiptenare om hulle dooies se liggame mee te balsem. Dis waarom dit so duursaam was.
Slegs die rykes kon dit bekostig om liggame te balsem.
Wat doen die vrou nou?

Markus 14:3; '.en sy breek die albaste fles en gooi dit op sy hoof uit.' Skielik vul die geur van die kosbare salf die vertrek en dadelik het hulle geweet wat dit was. Dadelik het die gesprekke begin.

Markus 14:4-5; 'En daar was sommige wat by hulleself verontwaardig was en gesê het: Waarvoor het hierdie verkwisting van die salf plaasgevind?
Want dit kon vir meer as drie honderd pennings verkoop en die geld aan die armes gegee geword het. En hulle het teen haar uitgevaar'

En wat doen sy? Die inhoud van die fles was dik en jellie-agtig.
Jesus was op die grond by die tafel. Sy keer die hele fles om en drup dit op sy hoof, dan sy skouers, sy lyf, arms, bene, tot op sy voete.
Sy smeer dit op die hele liggaam van Jesus. Almal begin praat.
Petrus dink aan 'n nuwe vissersboot wat hy kon koop met die geld.
Wat 'n finansiële implikasie tog. Judas is skoon siek daaroor! Almal stem op die einde saam: Wat 'n vermorsing!

Skielik praat Jesus. ***Markus 14:6;*** 'Maar Jesus sê: Laat haar staan; waarom val julle haar lastig? Sy het 'n goeie werk aan My gedoen'.

Hulle is almal stil. Hulle noem dit 'n verkwisting. Jesus noem dit 'n 'goeie ding'. Die dissipels kan dit nie glo nie. Wat hulle 'n vermorsing noem, noem Hy 'goed'.
Jesus gaan verder om te verduidelik waarom Hy dit goed noem.

Markus 14:7; 'Want die armes het julle altyd by julle, en wanneer julle wil, kan julle aan hulle goed doen; maar My het julle nie altyd nie'.
Wat beteken 'arm' hier in Grieks? 'Onproduktiewe' of 'lui' mense.
Hy sê dat ons hulle altyd onder ons sal hê.

Markus 14:8; 'Wat sy kon, het sy gedoen. Sy het vooruit al my liggaam vir die begrafnis gesalf'.
Wat het sy gegee? Alles. 'n Hele jaar se inkomste en salaris. Alles wat sy gehad het. Alles wat sy gehad het, het sy gesmeer aan die liggaam van Christus. Sy het dit gedoen om Sy liggaam voor te berei vir Sy begrafnis. Sy het dit geweet en dit verstaan.

Dis waarom Jesus sê in ***Markus 14:9***; 'Voorwaar Ek sê vir julle, oral waar hierdie evangelie oor die hele wêreld verkondig word, daar sal ook gespreek word van wat sy gedoen het, tot 'n gedagtenis aan haar'.

Hierdie vrou het haar nie gesteur aan wat mense gesê het nie.
Sy het gedoen wat sy moes en wat sy wou doen.

Kom ons gaan terug na die begin toe:
Elke profeet het in die Ou Testament kom sê: Hy kom. Die Koning kom, wettiglik as die Seun van God. Emmanuel – God met ons en in ons. Maria sal die baba kry.

Die belofte kom: Maria sal die huis gee. God gee die inwoner.
Die Gees – die Seun. God in die vlees om die outoriteit terug te neem wat van Hom weggesteel is.
Die engel kom sê vir Maria: Dis tyd. God wil jou liggaam, jou baarmoeder, gebruik vir Sy Woord. Uit die hemele stuur God Sy Woord. Soeesh – die Woord val in Maria se liggaam.

Johannes 1:1;
'In die begin was die Woord en die Woord het vlees geword'.

God sê vir Maria: Jy moet Hom Jesus noem.
Die Kind word Jesus genoem – die Seun.
Die Gees in Hom het alreeds 'n naam: Christus. Hy was God.

Die duiwel was kwaad. Hy hardloop na die man Herodus en sê vir hom: Maak Hom dood! Herodus stuur sy manne.
Alle seuntjies word vermoor, maar Josef sit alreeds in Egipte.

Die jong man word groot. Hy loop rond.
Sy naam is Jesus. Binne in Hom is Christus.
* Volkome mens: Jesus in die vlees.
* Volkome God: Christus in die Gees.

God het op aarde arriveer – wettiglik.
* Die huis: Jesus.
* Die Inwoner: Christus. Jesus is die liggaam van Christus, vir 'n tyd lank.

Die tyd vir Sy bediening het gekom.
Jesus stap af na die Jordaanrivier, na Johannes die Doper.
Toe Johannes Hom sien sê hy dadelik: 'Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem'.
Jesus sê vir Johannes: 'Jy het die outoriteit hier op aarde.
As jy My nie doop nie, kan Ek nie uitgaan nie'.
Jesus gaan in die water in en word gedoop. Dadelik spreek die Vader: 'Dis My geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het'.

Daarna lei die Heilige Gees Jesus na die woestyn toe om versoek en getoets te word. Jesus moet getoets word, nie Christus nie.
Hoekom? Christus het nie nodig om getoets te word nie. Hy is God.
Dit was die vlees – die liggaam, Jesus, wat daar moet deurgaan.
Hoekom?
God wil hierdie liggaam gebruik vir bloed, vir wonde en vir die opstanding, en dit moes deur alles gaan.
Daarom kom die toetse in aptyt, in trots en in krag. Jesus slaag die toetsing en begin Sy bediening – vol van die Heilige Gees.

Die tyd het gekom vir Jesus om gekruisig te word.
Christus kon nie sterf nie, Hy was gees en geeste kan nie doodgaan nie. Dis die woning, Jesus, wat moes sterf.
Die tyd het gekom om die bloed te stort vir die versoening.

Geeste het nie bloed nie. Jesus, die woning het die bloed in Hom. Christus sê vir Jesus: 'Kom ons gaan Jerusalem toe'. Jesus dra Christus na die kruisiging toe.

Nou is ons weer by die huis van Simon, die melaatse, in Betanië. Jesus lê op die grond by die tafel. Christus is in Hom.
Die vrou stap binne. Sy het 'n openbaring van God gehad.
Sy was 'n prostituut, maar gebore met 'n doel.
Dis belangrik om te sien dat dit nie saak maak as ons foute gemaak het nie. God kan ons nog altyd gebruik!
Sy stap in. Jesus lê op die grond. In haar hande egte salf – balsem salf. Sy breek die seël en giet dit alles uit oor die liggaam van Jesus. Sy begin om dit in te smeer.
Hierdie salf is gemaak om gebruik te word vir dooies.
God is besig om Jesus se liggaam te bewaar voordat dit nog dood is.

Waarom is hierdie vrou besig om die liggaam te bewaar?
In die Midde-Ooste het ons 'n uiterste klimaat. Die humiditeit is so hoog dat 'n liggaam wat sterf binne 24 uur begin ontbind.
Die bakterië begin dadelik werk. Die vrou vryf die balsemsalf in die liggaam om dit teen verrotting te bewaar.

Na 'n dag vandat Jesus weg is van Betanië, is Hy gekruisig.
Hulle het inbeweeg in Jerusalem en die laaste maaltyd saam geëet en hulle is daarna na Getsémane.
In Getsémane kom die tyd van droefheid.
Christus sê vir Jesus: 'Kom ons gaan. Dis waarvoor ons aarde toe gekom het'. Jesus weet dit. Hy staan op en sê vir Sy dissipels: 'Ek is gereed, kom ons gaan'.

Jesus het op aarde funksioneer in die krag van die Leeu van Juda. Hier in Getsémané moet Hy weer die Lam word wat geslag gaan word. Hy moet hierdie magtige heerlikheid – die Leeu, laat gaan, anders sou niemand aan Hom kon raak nie.
Die salwing van die Leeu word net aan Sy naaste drie dissipels gegee. Die bloed wat daar gesweet is was die aflegging van Sy salwing. Jesus word weer die Lam.
Hy word ge-arresteer en gekruisig. Nege uur die oggend.

Jesus hang aan die kruis. Christus is in Hom.
Die finale minute breek aan. Jesus is besig om te sterf.
Al die sonde van die wêreld kom op Hom.

Elke kanker, elke hoofpyn, elke abses en elke siekte kom in Sy liggaam in. Die Bybel sê Sy liggaam was daarom so verwronge, dat dit onherkenbaar was.

Jesus roep uit na Christus in Hom: 'Moet my nie verlaat nie!'
Christus sê: 'Ek moet gaan. Ek sien jou weer oor drie dae!'
Jesus roep: 'Eers oor drie dae! Jy weet mos liggame verrot in een dag!' Christus sê vir Hom: 'Ek weet, maar die vrou in Betanië het seker gemaak dit sal nie gebeur nie. Jou liggaam sal bewaar bly'.
Jesus sê vir Christus: 'Jy kan nou maar gaan'.

Duisternis kom oor die aarde vanaf twaalf uur tot drie uur die middag. Jesus roep uit: 'Ek is dors na die Nuwe Wyn!' Met 'n groot stem roep Hy uit: Almagtige God, my God, nou sal Ek die Belofte van God vervul aan U geliefde kinders. Dit is volbring.
En Jesus blaas uit en Christus gaan uit Hom uit. Jesus sterf!

Toe Christus Hom verlaat, gaan Hy onder toe.
Die volgende oomblik stap Hy in die Doderyk in. Hy skop die deur oop en gaan in. Dis donker, gevaarlik, vol demone – maar Christus stap vreesloos in die gat van duisternis. Al die outoriteit is met Hom.

Hy loop reguit na die groot deur van verdoemenis en maak dit oop.
Op die troon sit 'n duiwel. Hy is die prins van die demone.
Die demoon begin skreeu: 'Wat doen jy hier? Slegs persone met liggame kan hier inkom. Nie net geeste nie!'
Christus hou aan met loop en sê: 'Ek het 'n liggaam. Hy is net op die boonste verdieping. Die demoon skreeu: 'Jy is onwettig hier. Niemand kan hier inkom tensy hy gesterf het nie'.
Christus sê: 'My liggaam het gesterf. Gaan kyk maar, dis daar bo.'

Skielik verskyn Satan: 'Wat wil jy hê?' vra hy.
'Ek het nog nie gekom vir jou nie Satan – nog nie nou al nie'.
Christus loop tot by Satan.
Die sleutels van die doderyk hang aan sy gordel. Christus sit Sy hand om die sleutels en pluk dit los en sê vir Satan: 'Ek kom later vir jou'. Christus loop in die grot van die Doderyk in. Binne in hoor Hy die geskreeu van duisende wat gevange gehou word.
Hy stop by elke sel, draai die sleutels en laat hulle uitkom.
Abraham, Isak, Jacob, die profete.
'Volg My hier uit. Ek het klaar die prys betaal'.

Die Bybel sê: Skielik het die grafte oopgegaan. Almal het uitgekom en aan mense verskyn. Later het hulle opgevaar na die Paradys toe.

Christus sê: 'Ek moet nou weer opgaan om alles af te handel'.
Hy kon alleenlik terug gaan aarde toe in 'n liggaam, want Hy was nou net 'n gees.
Die liggaam het vir Hom gewag. Toegedraai in doeke en bewaar deur die vrou vroeër. Christus kom terug en gaan in die graf in die liggaam van Jesus in. Jesus word lewendig die oomblik toe die Gees in Hom inkom.

Die liggaam is bewaar al die tyd – drie dae lank, sodat Christus kon afgaan om Sy werk af te handel.

Christus kyk na Sy liggaam toe die verbande af was.
Daar was 'n paar gate in, maar vir nou is dit goed genoeg.
Jesus Christus stap uit die graf uit. Hy groet vir Maria en gaan hou vergadering met Sy manne. Hier vertel Hy hulle wat die plan is.
'Gaan dan heen en verander die wêreld'.
Hier roep Hy hulle bymekaar en die Bybel sê: Hy het op hulle geblaas. Jesus sê vir hulle: 'Ontvang nou die Heilige Gees'.

Daarna staan hulle almal buite. Jesus was besig om hulle te verlaat. Die Bybel sê hulle het Hom dopgehou saam met die engele toe Hy opgeneem is. Terwyl hulle kyk sê die engel: 'Dieselfde Jesus – die Verlosser – wat julle hier sien weggaan, sal net weer so terugkom soos wat Hy gegaan het'.

.....

DIE OORDEEL VAN GOD

Elke dag ontdek ons 'n nuwe faset van God se karakter.
Hoe werk die wraak van God? Is daar iets soos 'n oordeel?
Ons besef die hele tyd hoe belangrik dit is om in 'n intieme verhouding met God te staan sodat ons Sy maniere en doel van lewe kan verstaan. Hoe beter ons Hom leer ken, hoe beter verstaan ons Sy liefde en Sy wraak en Sy barmhartigheid en Sy waarskuwings.
God het nog altyd 'n hand van genade en 'n hand van oordeel.

Waarsku God altyd voordat Hy oordeel vel?
Ons kom al hoe meer agter dat Hy verseker diegene wat Hom liefhet, waarsku. Hy waarsku inteendeel almal oor die komende

oordeel. Hy gaan soms deur baie waarskuwings aan hulle wat onsensitief teenoor Hom staan.

Stuur God altyd oordeel oor hulle wat nie na Sy waarskuwings luister nie? Nee! Maar om altyd dieselfde te bly, moet Hy dit soms doen. In dit alles was Hy nog altyd regverdig en genadig. Dit verklaar gewoonlik waarom God so dringend optree as iemand Sy Seun bespot. Die Woord maak dit so duidelik dat daar altyd waarskuwings aan mense was.

Dis so belangrik dat ek en jy wat aan Hom gehoorsaam is, vandag moet besef dat ons ore moet hoor wat die Gees vir die kerk sê.

Kom ons kyk na die geskiedenis:
*** In die dae van Moses**: God gee aan die volk 'n eenvoudige opdrag: ***Eksodus 15:26;***
'God sê: As jy getrou na die stem van die HERE jou God luister en doen wat reg is in sy oë, en luister na sy gebooie en al sy insettinge hou, sal Ek jou genees'.

Wat gebeur by die Rietsee?
God het 'n belofte aan Sy volk gemaak. 'As julle gehoorsaam aan My bly, sal Ek julle na die beloofde land toe neem'.
Wat gebeur toe met Farao se weermag toe hulle hul wou aanval? Skielik sien ons God se hand van genade en Sy hand van oordeel. Die Israeliete gaan deur en Sy oordeel val op Farao se weermag. Hulle almal sterf net daar toe die water weer terugvloei.

Ons ken die treurige verhaal waar die Israeliete vir 40 jaar in die wildernis gewandel het. Hulle harte het al hoe harder geword met tyd. Hulle het vergeet dat hulle God se wraak self gesien het. Hulle weier aan die einde om te luister, en die hele volk, behalwe twee, self sterf in die woestyn.

*** In die dae van Noag**:
Vir eenhonderd jaar lank bou Noag aan die ark. Al hierdie tyd praat God met die generasie. Hulle weier om te luister en te verander. Sewe dae voor die vloed waarsku God hulle vir oulaas. Almal behalwe Noag en sy mense word deur die water weggevoer en sterf. God se hand van genade en Sy hand van oordeel.

*** In die dae van Abraham**: God kom af en sê dat Hy Sodom en Gomorra gaan verwoes. Slegs Lot en sy familie antwoord op die

waarskuwing en vlug uit die stad uit. Sy vrou het nie na God se bevel geluister om nie terug te kyk nie. Sy sterf saam met die stad.

* **In die dae van Salomo**: In 1 Konings 11 lees ons dat Salomo nie na God wou luister nie. God verskyn aan hom twee keer om hom te waarsku om nie vreemde gode te aanbid nie. Die gevolge van Salomo se opstandigheid is aan almal bekend.

Elke keer word die gehoorsames en die regverdiges gespaar.
Die ander sterf almal. Nou ons almal weet dat dit nie die norm is hoe God altyd optree nie.

Luister na die volgende verhaal:
Dit is Paasseisoen, 1902. Martinique is 'n Franse eiland in die Karibbiese See, net suid van Puerto Rico. Daar is 'n pragtige baai met perfekte water. Tropiese woude en pragtig.
Dit word die speelplek van die rykes van Europa wat hulle vakansies kom deurbring in 'n droomwêreld.

Hierdie jaar het twaalf groot skepe van Europa gekom en lê vasgemeer in die hawe. Almal speel op land en met groot boosheid neem hulle deel aan die Mardi Gras. Baie drank, baie meisies en baie sonde.

God wil nie hê dat iemand verlore moet gaan nie en Hy stuur twee Christen jong manne van Kanada soontoe. Toe hulle boot in die hawe opdaag kom die vraag van die doene-beampte: 'Wat kom julle hier doen?' 'Ons kom die Woord van God hier verkondig'.
Dit was egter gladnie wat die beampte in gedagte gehad het nie. 'Julle sal nie voet aan land sit nie. Julle bly op die boot en as dit vertrek vaar julle saam met hom weg'.

Op land gee die mense hulself oor aan alle losbandigheid en dronkenskap. Hulle gaan uit hulle pad uit om alles wat godsdienstig is af te breek en laster alles wat in die kerk is.
Al die Christene wat in die kerk is moet vlug vir hulle lewens. Sommige gaan per boot na St. Pierre-eiland toe en die ander vlug te voet oor die berge na 'n afgeleë deel van die eiland toe.
Dis Paasnaweek en almal vier fees. Op Goeie Vrydag word 'n varksog lewendig in die katedraal van die kerk aan 'n kruis vasgespyker as 'n bespotting vir die kruisiging van Jesus Christus.

Dis wanneer die wraak in God opstaan.
Niemand maak ‘n bespotting van die offer van Sy Seun nie.

Reg oorkant die baai staan Berg Pelee.
Skielik verskyn daar rook in die vulkaandeel van die berg.
Die afgelope tweehonderd jaar was die berg onaktief.

Dadelik stuur die mense wetenskaplikes op om te gaan ondersoek instel. Hulle keer terug met die boodskap: ‘Sy is so koud soos altyd. Geen gevaar. Gaan aan met die jolyt’. Die musiek begin dadelik weer en alles gaan net voort.

Twee dae later verlaat die Kanadese skip die hawe met die twee sendelinge aan boord. Hulle was skaars drie see-myle weg toe God antwood in oordeel.
Die hele Berg Pelee bars oop on in sestig sekondes sterf die hele stad met almal wat in hom was. Gloeiende lawa en rook verdelg alle vorms van lewe.

Wie oorleef?
* Al die Christene wat moes vlug wat elders op die eiland was.
* Die boot wat die Kanadese vervoer het, het aan die brand geslaan maar hulle het veilig in die eiland van St. Lucia aangekom.
* Twee gevangenes wat in ‘n diep kelder onder die stad in die tronk was oorleef. Hulle is gevind deur reddindswerkers dae na die uitbarsting. Een was ‘n predikant wat toegesluit was omdat hy gepreek het.

Wat ‘n boodskap aan ons almal!
Sommiges het dit gemaak, ander is verwoes. Hierin sien ons weer die twee hande van God. Een in genade, die ander in oordeel.

Waarom kan die oordeel van God soms vinnig kom?
Ons sien hier die oordeel van God vinnig kom. Met ander bose nasies is dit tog asof hulle beker stadig vol raak.

Eerstens is God ‘n jaloerse God. Spesifiek oor die offer wat Sy Seun kom gee het. Dieselfde God wat in liefde kom en alles verniet vir ons kom gee, kan net so skielik oordeel vel as iemand ‘n bespotting van Sy Bloed maak. Die offer van die vark in Jesus se plek op daardie heilige dag, was net te veel. Sy wraak was vinnig en verwoestend.

Tweedens sien ons ook God se opstand wanneer Sy heerskappy en outoriteit openlik aangeval word.
In Numeri 16 lees ons dat Korag en tweehonderd-en-vyftig leiers van die groep in opstand gekom het teen Moses en Aäron. Hulle wou weet wie dan gekies is en het God se keuses bevraagteken.
Numeri 16:5;
'En Moses het met Korag en sy hele bende gespreek en gesê: Môre vroeg, dan sal die HERE bekend maak wie Hom toebehoort en wie die heilige is, en wie Hy na Hom laat nader kom: wie Hy uitkies, sal Hy na Hom laat nader kom'.

Moses pleit nog by God vir vergifnis: ***Numeri 16:20-24;***
'God sê: Skei julle af van hierdie vergadering, en Ek sal hulle in 'n oomblik verteer. Maar Moses-hulle het op hul aangesig geval en gesê: o God, God van die geeste van alle vlees! Sal een man sondig en U op die hele vergadering toornig word? En die Here het met Moses gespreek en gesê: Spreek met die vergadering en sê: Maak dat julle wegkom rondom die wonings van Korag, Datan en Abíram'!

Korag hou aan om God te tart: ***Numeri 16:31-33***;
'En toe hy al hierdie woorde klaar gespreek het, skeur die grond wat onder hulle was, en die aarde het sy mond oopgemaak en hulle verslind saam met hul huisgesinne en al die mense wat aan Korag behoort het en al die goed. So het hulle dan met alles wat hulle s'n was, lewendig na die doderyk afgedaal; en die aarde het hulle oordek, en hulle het omgekom uit die vergadering'.

Die leiers word ingesluk deur die aarde.
Wat gebeur nou met hulle volgelinge? ***Numeri 16:35***;
'Toe het 'n vuur van die HERE uitgegaan en die twee honderd-en-vyftig man verteer wat die reukwerk gebring het'.

Derdens: Selfs die engele wat ongehoorsaam was, is onder oordeel. ***Judas 1:6;*** 'En die gevalle engele wat hulle eie beginsel nie bewaar het nie, maar hulle eie woning in die hemele verlaat het, het Hy vir die oordeel van die Groot Dag, met boeie onder in die ewige duisternis bewaar.'

Vierdens: Dit blyk tog dat God soms ernstig optree teen seksuele sonde. Veral as seksuele sonde teen Sy plan vir die familie gaan. Adam was 'n vader, Noag was 'n vader, Abraham was 'n vader. Dit lyk tog asof enigiets wat teen vaderskap en die ontstaan van 'n

familie gaan, ‘n openlike uitdaging vir God is.
Wat het met Sodom en Gomorra gebeur? ***Judas 1:7;***
’En Sodom en Gomorra wat op dieselfde manier as hierdie mense gehoereer en agter vreemde vlees aangeloop het, as ‘n voorbeeld gestel is, terwyl hulle die straf van die ewige vuur ondergaan’.

As jy mooi kyk, en ek was al daar, het iets met Pompeii in Italië ook gebeur. Die berg Vesuvius bedek ook hierdie hele groep mernse wat in seksuele sonde verval het en alle godsdiens verloor het.

As ons na Islam en sy opkoms in die wêreld kyk sien jy ook sekere dinge. Dis baie duidelik dat God Islam sal toelaat om homself te vernietig omdat dit hulle keuse is. Ek het Islam gesien as ‘n baie groot glas vaas. Dit staan op ‘n tafel. Dit lyk asof Jesus die vaas van die tafel afstoot. Dit val in duisend klein stukkies op die grond.
As jy nou mooi kyk sien jy die stukkies glas begin met mekaar baklei en dan breek die stukkies op en dan bly daar niks oor nie.
Intussen sal daar ongelukkig nog baie seerkry in hierdie proses.

Ek was laas jaar in Indonesië en Jakarta en Sumatra.
Sumatra was die middelpunt van die tsunami van jare gelede.
Die kerk is ondergronds in hierdie Moslembeheerde land.
Hulle vertel aan jou dieselfde verhaal:
As gevolg van die vervolging deur Moslems en in sekere areas deur Boedisme, moes die kerk vlug. In daardie tydperk het die Christene die berge ingevlug. Van bo af kon hulle sien hoe die water kom en almal wat hulle vervolg het, net oorstroom en vernietig.
Hulle wil graag vir jou vertel dat nie een Christen of hulle diere in hierdie verwoesting omgekom het nie.

Dit is tyd dat God se volk ‘n visie moet ontvang van die koste en die heerlikheid om namens God op te tree. God wil aan ons duidelike teikens gee waarteen ons moet optree. Maak oop julle oë vir die fabrieke van immoraliteit en perversie en demoonbesetting in ons kultuur. Die poorte van die dood moet tot ‘n val kom.
Ons hele manier van bid moet ook verander.
Daar is geen ander manier om hierdie oorlog te wen nie!

Met tyd verwag God dat elkeen homself moet verander.
Ons moet toelaat dat Sy wil in ons lewens geskied.
Kyk mooi na die geestelike saad wat jy in hierdie tyd plant.
Weet dat jou saad ‘n groot oes moet inbring.

Jy moet weier om onregverdige saad van woede, frustrasie bitterheid en verwydering tussen mense, te saai. Wat elkeen van ons nou doen gaan óf groot vreugde óf groot verdriet bring. Jou keuses sal die uitkoms van jou aksies bepaal.

Skryf die Bybel nie genoeg dat daar skape en bokke is nie?
En die skape sal aan Sy regterhand versamel word en die bokke aan Sy linker kant.

Was Paulus nie ook in 'n stadium Saulus die verwoester nie?
Was Moses nie ook in sy tyd 'n okkultis en 'n duiwel nie?
Was koning Dawid ook nie iemand wat 'n man laat doodmaak en sy vrou gesteel het nie? Was daar oordeel? In 'n sekere mate ja!
Maar, elkeen kon verander. Elkeen het gekies. Daardie keuse is myne en joune vandag.

Staan ons land en ons regering nie presies daar nie? Wat gaan hulle kies? Is hulle bereid om hierdie 'n Christen land te maak?
Wat is jou rol daarin?

Wat moet ons gebed wees?
Dankie Vader vir U getrouheid. Ons wil U al die eer gee vir wat U vir ons doen. Mag ons ore oop wees en ons oë helder sien wat U doel vir elkeen van ons is. AMEN.

.....

BY GOD IS ALLES MOONTLIK

Soos wat ons God beter leer ken besef ons dat Hy bo alles is – ons Vader. Dié Een wat altyd daar is om ons te help in ons grootste tye van nood.
God was eers ver, in die verre hemele, maar nou deur die reddings-werk van Jesus Christus, kan ons as Sy kinders naby Hom kom.
Daarom moet ons meer besef wie ons is, want ons weet wie Hy is.

Is jy 'n gelowige? Glo jy dat elke gelowige die reg het om te bid?
As jy nie werklik glo dat dit wat jy vra sal gebeur nie, sal jy heel moontlik ook nie ontvang nie. Slegs mense wat glo sal ontvang wat hulle vra. Elkeen kan bid maar slegs met die hulp van Heilige Gees sal die antwoorde kom.

Wat is geloof?
Daar is die twee stellings van Jesus Christus:
Mattheus 19:26;
Jesus sê: By mense is dit onmoontlik, maar by God is alles moontlik.
Markus 9:23;
Jesus sê: As jy kan glo, alle dinge is moontik vir die een wat glo.

Die een is gekoppel aan God, die ander een aan die een wat glo – aan jou. Dit beteken dat deur geloof alles wat vir God moontlik is, ook moontlik is vir iemand wat glo.
Geloof is so werklik. Dit is iets wat in jou gees gebeur. Dis waarom dit handel oor die onsienlike.

Johannes 11;39,40
'Jesus sê: Neem die steen weg. Martha, die suster van die oorledene, sê vir Hom: Here, hy ruik al, want hy is al vier dae dood. Jesus sê vir haar: Het Ek nie vir jou gesê, as jy glo, sal jy die heerlikheid van God sien nie?'

Wat Jesus hier van Maria verwag het, verwag Hy nou nog van ons.

Wat is die verskil tussen hoop en glo?
Geloof is uit jou hart – uit jou gees. Hoop is net in jou gedagtes. Geloof is vir nou. Ek glo dit nou. Hoop is in die toekoms.

Markus 11:24;
'Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry'.

Geloof is om nou te ontvang. Die werklike ontvang gebeur eers in die toekoms, maar sonder geloof nou, het jy geen voorwaarde dat jy dit later sal ontvang nie.

Geloof en selfbeheersing is gawes van Heilige Gees. As iemand nie die werking van Heilige Gees is sy lewe het nie, kan jy nooit van hom verwag dat hy in geloof of selfbeheersing moet optree nie.
Hy kan nie! Dit bly maar net in sy sielsdimensie wat hy wil verander. Dis niks meer werd as 'n nuwejaarsvoorneme nie.

Die Bybel sê dat Heilige Gees doen die werk van God in ons lewens. Ons kan nie. Dis waarom ons kan sê: 'Wat jy sien is nie my werke nie, maar dis my geloof in Sy werke'. God doen Sy eie werk self.

As jy Heilige Gees in Sy volheid ontvang kan jy nie bly soos wat jy voorheen was nie. Daar moet 'n verandering kom.

Ek glo dat daar in ons wandel met Christus altyd 'n plek kom waar ons besef ons kort om meer te verstaan, meer vrymoedigheid, meer rigting of meer geloof. Ons raak so maklik vasgevang in omstandighede. Dis die tyd waar ons besef dat hierdie die plek is om onsself op Hom te werp, vir meer van Sy genade.

'n Ou man het een keer gesê: 'Soms is God se antwoord op jou gebed meer uit Sy genade as wat dit werklik ons geloof is wat die berge versit'. Vroeg in jou proses van heiligmaking respondeer God maklik uit Sy genade en uit Sy liefde vir jou, want ons vlak van geloof is nog so laag.
Ons sien in die Bybel baie keer hoe mense pleit vir genade, en dit dan ontvang! Baie van die genesings wat Jesus gedoen het in die Bybel het gekom as 'n antwoord op gebede vir genade deur iemand wat siek was.
Ons lees van die twee blindes langs die pad wat uitgeroep het: 'Jesus, wees ons genadig. Wees ons barmhartig!' In al hierdie gevalle het Jesus nie een keer eers gevra of hulle die wet onderhou het nie of hoe heilig hulle was nie. Slegs deur die gevoel van liefde en genade het Hy hulle gesond gemaak.

God is al die tyd besig om vir ons Sy karakter te wys, al weet ons dit nie eers nie. Ons sien selfs in Sy gesprekke met Abraham hoe Sy genade na Lot en sy familie uitgaan. Hierdie het nie gegaan oor Sy gevoel vir Lot nie, dit was suiwer antwoord op Abraham se intersessie vir hulle. Ons sien hier God se groot genade en die antwoord op gebede in die geloof van Abraham.

Die opdrag wat God aan ons almal gee is om nie te oordeel nie.
Dit is nie jou werk om te probeer uitvind of iemand iets verdien nie.
Jou werk is om die gebrokenes op te tel en hulle te herstel om die pyn en seer weg te neem.
In hierdie oorlog is dit altyd baie beter om 'n briljante en effektiewe luitenant te wees, as 'n onbevoegde generaal!

Ons moet net nooit in hierdie proses moed opgee nie. Veral nie wanneer jy voel dat jy geen tree meer vorentoe kan gee nie.
Want dalk, net die volgende oomblik keer die gety om. Skielik sien jy weer die land en sien jy die volgende baken.

Beweeg daarheen en soek van daar af na die volgende baken. As jy daar kom sal jy ook die volgende een sien. Gaan van baken tot baken, één op 'n keer.

Daar is altyd merkwaardige en aangrypende voorbeelde van mense wat besef het dat die pad na die vlakke van die lewe en sukses, nie met 'n hysbak is nie, maar met trappe wat geklim moet word.

Omdat alles by God moontlik is vra die lewe van my en jou om sekere aanpassings te maak. 'n Mens se lewe kan oornag dramaties verander. Die uitdagings is dan om aan te pas en om verskuiwings te maak. Dit moet altyd moontlik wees om die beste te maak van jou omstandighede. Ons moet kan vashou aan die beloftes dat God by ons is en weet wat ons nodig het.

Mense, dit is so belangrik om God se teenwoordigheid in jou lewe elke dag te ervaar. Bring Sy teenwoordigheid in jou en in jou huis in. Ons moet dit beoefen in die tye as die water rustig vloei. So dikwels wil ons veranderinge aanbring in die middel van die storm.
Dit is die grootste toets van ons geloof.

Wat is Sy teenwoordigheid?
Die Israeliete het na die geopenbaarde teenwoordigheid van God verwys as die 'Shekinah heerlikheid van God'.
Toe Dawid begin praat het om die ark van die Verbond terug te bring na Jerusalem, was hy nie geïnteresseerd in die goue versoendeksel met die kunswerke nie. Hy was geïnteresseerd in die blou vlam wat tussen die uitgestrekte vlerke van die gerubs bo-op die ark gehang het.

Dit is wat hy wou hê, want daar was iets omtrent die vlam wat aangedui het dat God teenwoordig was. En waar daardie heerlikheid en geopenbaarde teenwoordigheid van God gegaan het, was alles vir God en mense moontlik en was daar krag en oorwinning en seëninge.

Toe Moses blootgestel was aan die heerlikheid van God, het die oorblyfsel van daardie heerlikheid veroorsaak dat sy gesig so geblink het toe hy van die berg afgekom het.

Om die onmoontlike in God te sien, moet ons lewenswyse word. Mense was nog altyd lief daarvoor om hulle eie reëls te maak. Daarna vertel ons vir ander mense hoe goed regtig gedoen moet

word. God soek na iets meer, iets dieper. Hy wil so graag hê dat ons ons ou maniertjies van dinge doen, laat staan. Ons kan nie die wêreld se reëls breek vir God, as ons nie gaan toelaat dat Hy ons reëls breek nie.

God is nie geïnteresseerd in jou grade of jou familestamboom of jou rykdom nie. Hy wil jou hê.
Hy kom staan weer voor jou vandag en vra: 'Wil jy My werklik hê? Wil jy My onmoontlike sien?'
God soek na 'n honger mens. 'n Geestelike mens.
Hierdie mense gaan nie die slimstes of die briljantstes wees nie. Hulle gaan die hongeriges na meer wees.

Kerk, ons moet elke dag bewus wees dat God mense roep om in Sy diens te staan. Hierdie mense is nie deur ander mense gekies nie, God het. Die onmoontlike moet in ons midde funksioneer!
God ken die groot prent. Hy ken die begin en die einde. Hy weet dat mense wat met mekaar kompeteer later gaan uitval.

God was nog altyd iemand wat die gebrokenes kan gebruik. Hy gee genade en hulle word opgerig om ons na die hoër vlakke te neem. Ons sien dit ook in die Bybel.

God neem die trotsheid in Josef weg en laat toe dat hy gebreek word. Hy kom in beheer van Egipte na al die pyn waardeur hy is. Al die tyd het hy net vertrou op die woorde van God: 'Ek sal jou oppas'. Daarna gebruik Hy hom om die onmoontlike te doen. Hy red 'n nasie.

Daar is baie vandag wat Josef se mantel wil kry en die posisie wat hy gehad het, maar baie min is bereid om die prys te betaal om dit te kry.
Daar kom altyd 'n tyd wanneer jy dink dis alles verby. Maak net jou oë oop – dis die nuwe begin!

Om in Jesus Christus te wees moet nog altyd ons groot doel hier op aarde wees. God se teenwoordigheid deur Heilige Gees maak dit vir ons moontlik.

In hierdie seisoen moet jy jouself sien nuwe, vars olie ontvang. Sien hoe word dit oor jou uitgegiet!
Met vars olie kom daar baie uitdagings op verskillende vlakke. Soos wat jy loop gaan jy op plekke kom waar jy nog nooit voorheen

was nie. Hier is dit belangrik dat jy moet groei in wysheid en openbaring. Die nuwe plekke waar jy gaan beweeg moet nou gevul word deur die vars olie.

Moet nie nou benoud wees of lui word nie. Bou jouself!
Bou aan jou bediening. Maak die onmoontlike moontlik!
Die salwing met nuwe olie het jou ingebring, maar dit is wysheid wat jou gaan help om dit te bestuur.
Jy moet op gaan, om nooit weer op laer vlakke te funksioneer nie.

Hierdie nuwe seisoen beteken nie 'n nuwe jaar nie, dit beteken 'n nuwe siel. Loop in jou geestelike huis en kyk in al die kamers.
Moet nie soek vir foute nie, soek na die nuwe potensiaal wat God in jou geplaas het.
Wees elke dag in oorlog met dinge wat in die gees met jou bots.
Wees en leef elke dag in vrede met jou bure en met jou naaste.
Mag jy in hierdie nuwe seisoen, 'n beter mens wees.

.....

WONDERWERKE GEBEUR NOG ALTYD

Dis so heerlik om elke week nog te hoor van wonderwerke.
U weet, soms gebeur wonderwerke net! As ons in 'n intieme verhouding in Jesus Christus lewe is dit altyd moontlik.

Sommige wonderwerke kom as 'n antwoord op baie jare se gebede. Ander kere is dit net daar omdat ons geloof het in 'n God wat wonders kan doen. Die getuienisse klink dan so:
* My man het na 20 jaar se gedrinkery laas maand nugter by die huis aangekom en nog nie weer 'n druppel gedrink nie!
* Die mense wat my solank geld skuld het net laas week skielik alles betaal!
* My kind wat van my vervreemd was vir soveel jare het net laas week gebel en teruggekom huis toe!
* Ek getuig ook: God haal my uit my werk uit en laat my 'n kerk vir Hom bou – vir my 'n wonderwerk!

Kom ons kyk na die Bybel:
'n Weduwee het as lewensmiddel slegs 'n bietjie olie in haar huis oorgehad. In die geloof moes sy waag en met haar bietjie olie

soveel leë kanne as moontlik vul. 'n Wonderwerk gebeur: Vir solank as wat sy die leë kanne bly volmaak, het die olie bly vloei.

Al wat jy nodig het om 'n wonderwerk in jou lewe of bediening te kry, is dalk alreeds in jou huis of tot jou beskikking. Jy moet dit net raaksien en leë houers begin volmaak.

Wonderwerke in jou lewe mag nooit die eer kry nie – net die Wonderwerker wat dit doen soos Hy wil en wanneer Hy wil.
Die begrip 'wonderwerke' is baie groot.
Dit is God se beskerming of God se voorsiening of die rigting wat God in jou lewe aandui, wat alles verander. Dit verwys nie net na die goed in jou huis nie, maar ook na die dinge in jou geestelike lewe.

Dit beteken eintlik dat die antwoord op jou behoefte kan begin met iets wat binne jou bereik of binne jou vermoë is, of wat alreeds in jou besit is.

Soms is die sleutel tot wonderwerke om slegs die net aan die anderkant van die boot uit te gooi.

God het vir Moses gevra: 'Wat het jy daar in jou hand?'
Jou grootste wonderwerk begin dalk soos Moses s'n – met iets in jou hand. Ek het lankal besef dat dit wat ek nodig het om 'n magtige groep mense in hierdie plek op te lei, alreeds hier binne in die groep teenwoordig is. Ons is so geneig om na buite te kyk vir voorsiening.

Elke sakeman moet besef dat die sleutels tot sukses alreeds in sy hand of binne in sy organisasie is.
In elke kind skuil die potensiaal om 'n wonderwerk te word.
In jou lewe of in jou huis het God alreeds die saad geplant wat kan ontkiem en die antwoord kan word op jou grootste probleem.

In ons christelike wandel bevind ons onsself baie keer in 'n tipe woestyn-situasie. Alles maak skielik nie sin nie en alles voel asof dit net stilstaan. Maar…goeie saad kan vir so baie jare dormant lê in die droë sand dat dit lyk asof daar nooit weer lewe daarin kan kom nie. As die reën egter kom, blom die woestyn soos 'n tuin.
Baie mense ervaar dat hulle vir te lank in die droë woestyn was – en voel hulle maar min lewe hier binne. Hulle bid maar net en wag vir reën.

Lewe is egter orals, dit wag net om te voorskyn te kom – klein saadjies wat wag om groot te word – soos die saad waarmee Jesus Sy koninkryk vergelyk het. ***Markus 4:30-32***

'En Hy het gesê: Waarmee moet ons die koninkryk van God vergelyk, of met watter soort gelykenis moet ons dit voorstel? Dit is soos 'n mosterdsaad, wat die kleinste is van al die soorte saad op die aarde wanneer dit in die grond gesaai is;
en wanneer dit gesaai is, kom dit op en word groter as al die groentesoorte en maak groot takke, sodat die voëls van die hemel onder sy skaduwee nes kan maak.'

Hierdie is die begin van 'n groot klomp wonderwerke wat hier tussen ons gaan gebeur:
Ek wil hulle noem want God kan hulle gebruik:

1. Wat is daar in jou hand? ('n staf)
2. Sê my wat het jy in die huis? (olie)
3. Is jy gereed om te beweeg as die spruit opdroog?
4. Glo in vreemde voorsieners (kraaie voed Elia) .
5. Is die wyn op die troue klaar?
6. Hoeveel vissies en brode het jy wat God kan gebruik?

1. Wat is daar in jou hand?

Elke keer wanneer 'n sweep die rug van 'n Israeliet oopgekloof het, het Moses ineengekrimp oor die onmenslikheid van die Egiptiese slawedrywers. Waarom moes die mense so baie ly?

Maar, na die moord op een van die slawedrywers word hy 'n vlugteling wat vee in die woestyn moet oppas. 'n Vraag het saam met hom gegaan: 'God waar is die wonderwerk en waarom help U hulle nie?'

Uiteindelik praat God met Moses uit die brandende braambos: 'Waarom verlos jy hulle nie Moses?' Hiervoor was Moses egter nie te vinde nie: 'Wie is ek dat ek na Farao sou gaan en die kinders van Israel gaan verlos?' Daarop vra God vir hom: 'Wat is in jou hand?' Moses antwoord: ''n Staf.'

Sommige mense is net soos Moses: Hulle sien 'n behoefte raak maar hulle glo dat hulle niks daaraan kan doen nie. 'Wie, ek? Hoekom ek?' God sê egter aan Moses dat hy moet kyk wat hy op daardie oomblik in sy hand het en dit moet neem om in die behoefte te voorsien.

Die voorwaarde vir die wonderwerk wat gaan kom: God moet net toegelaat word om jou te help om dit wat in jou hand is, te gebruik.
Die eenvoudige staf van Moses, het die staf van God geword.
Daarmee het Moses die wonderwerke voor Farao gedoen.
Hy het plae op die land laat neerdaal, die see laat kloof en water uit die rots laat vloei.

God gaan in hierdie tyd weer ons beperkte vermoëns begin gebruik vir groot wonderwerke. Die geheim is net om nie na ons eie onvermoëns te kyk nie, maar na God. Wat vir ons na iets gering lyk, die staf in jou hand, kan die staf van God word.

Luister na wat Paulus sê in ***2 Korinthieërs 12:9;***
En God het vir my gesê: 'My genade is vir jou genoeg, want my krag word in swakheid volbring.'

Baie liewer sal ek dus in my swakhede roem, sodat die krag van Christus in my kan woon.
God kies baie dikwels mense vir 'n sekere werk uit wat nie regtig beskik oor die vermoë om dit te voltooi nie.

Jy moet net bewus wees van wie jy in Christus is, dan sal daar hierdie jaar nog wonderwerke in jou lewe gebeur. Ons moet net een ding besef: Heel dikwels gebruik God die behoefte van ander mense om Sy krag en Sy plan vir jou lewe aan jou te openbaar om jou in aksie te kry. In ons benoudheid moet ons leer om op God te vertrou en Sy wonderwerke raak te sien. Ons moet net vandag klaarmaak met ons minderwaardigheid en die twyfel in ons harte.

2. Sê My, wat het jy in die huis?

Daar was eendag 'n weduwee wat 'n groot klomp skuld gehad het.
God wil haar omstandighede vandag gebruik om aan jou te wys dat daar 'n wonderwerk vir jou wag.
Kom ons leer dat God die groot voorsiener is in elke situasie.

2 Konings 4:1-7;

'En 'n sekere vrou uit die vroue van die profete-seuns het na Elísa geroep en gesê: U dienaar, my man, is dood, en u weet self dat u dienaar die HERE gevrees het; nou het die skuldeiser gekom om my twee kinders vir hom as slawe te neem.
Toe sê Elísa vir haar: Wat kan ek vir jou doen? Gee my te kenne wat jy in die huis het. En sy antwoord: U dienares het glad niks in die huis nie, behalwe 'n flessie met olie.

En hy sê: Gaan leen vir jou van buite af kanne, leë kanne van al jou bure; leen nie te min nie.
Gaan dan in en sluit die deur agter jou en jou seuns toe, en giet in al daardie kanne en sit weg wat vol is.
Sy het toe van hom af weggegaan en die deur agter haar en haar seuns toegesluit; en terwyl hulle vir haar aanbring, giet sy in.
Sodra die kanne vol was, sê sy aan haar seun: Bring vir my nog 'n kan aan; maar hy antwoord haar: Daar is geen kan meer nie.
Toe gaan die olie staan.
Daarop kom sy om dit die man van God te kenne te gee; en hy sê: Gaan verkoop die olie en betaal jou skulde; van die orige kan jy en jou seuns dan lewe.'

Wat is nodig om 'n wonderwerk te laat gebeur?
As jy nie weet wat om te doen nie, weet waarheen om te gaan: Hier was 'n weduwee sonder 'n inkomste, 'n enkelouer en boonop sonder enige voedsel in haar huis. Die skuldeisers was op haar nek – as sy nie onmiddellik betaal nie, sou sy haar kinders verloor.
Al wat in haar guns getel het, was dat sy geweet het waarheen om te gaan: Slegs God kon 'n wonderwerk laat gebeur; daarom wend sy haar dus tot die profeet van God - Elisa.

Of ons 'n wonderwerk al dan nie gaan beleef, hang af waarop ons ons verwagting plaas. As ons voortgaan om net op mense te vertrou, sal ons elke keer teleurgestel wees.
Die grootste stryd in die lewe is geestelik van aard en daarom moet daar geestelike bronne wees as ons wil hê dinge moet verander.

1. Vind uit wat is in die huis.

Soos die weduwee word ons so vasgevang deur wat ons nie het nie, dat ons die moontlikhede wat reeds tot ons beskikking is, nie raaksien nie. Nadat Elisa haar geloof in die regte rigting gestuur het, vra hy: 'Wat het jy in die huis?' Sy het nie verstaan nie, maar God het alreeds begin om 'n wonderwerk te doen.
Netso verstaan ek en jy ook nie as die dinge begin gebeur nie.

2. Moenie verblind word deur negatiewe dinge nie, wees positief.

Ons eerste reaksie op 'n krisis is altyd negatief. Niks is goed of reg

nie en daar is geen hoop nie. Hoor wat sê die weduwee: ‘Ek het glad niks in die huis nie, behalwe ‘n flessie olie.’

3. Geloof is nie geloof totdat jy iets gedoen het nie – optrede word vereis:

Om net ‘n siekte te diagnoseer is nog nie die oplossing nie, maar dis die eerste stap in die rigting van genesing. Opvolgaksie word vereis as iets goed daarvan moet kom. Elisa het dus aan haar advies gegee om iets te begin doen. Sy moes uitgaan en soveel moontlik houers gaan leen – jy moet iets begin doen as jy ‘n wonderwerk te wagte is.

Meeste mense verwag dat God namens hulle moet optree – hulle het egter nodig om uit die skip uit te klim – dis al wanneer die wonderwerk sal begin.

4. Moenie beperkings plaas op God se vermoë om te voorsien nie. Wat sê die ongelowiges gewoonlik?

‘Wat gaan die kinds ou weduwee met al daai kanne maak?’ het al haar bure gevra. ‘Sy is nou sowaar heeltemal van lotjie getik!’

As jy so desperaat soos hierdie vrou was, sou jy ook enige iets gedoen het om jou uit jou penarie te red. Wat die profeet haar gevra het, het sy gedoen. God werk deur ons positiewe verwagtinge.

5. Maak die deur van twyfel toe!

Die sleutel vir die wonderwerk hier is wat gebeur het nadat sy die kanne van haar nuuskierige bure gaan leen het. Sy moes in die huis ingaan en die deur agter haar en haar seuns sluit.
Sluit die ongelowiges uit jou lewe uit! Jaag die negatiewes weg!

6. Gooi totdat daar niks meer oorbly nie.

Sy moes in geloof net voortgaan. Terwyl sy gegooi het, het die olie gevloei. Ons moet aanvaar dat sy elke beskikbare kan in die dorp gaan leen het, want as daar meer kanne was, sou die olie vandag nog gevloei het.

7. Onthou, daar sal altyd genoeg wees:

Elisa sê vir haar: ‘Van die orige olie kan jy en jou seuns dan lewe.’
God het genoeg voorsien om te verseker dat daar altyd in jou nood genoeg sal wees.

Kom ons som op: Baie mense verlang dat God ‘n wonderwerk in hul lewens moet verrig, maar wil nie reageer wanneer Hy hulle opdrag gee om iets te doen nie – gewoonlik net omdat hulle te bang is om te waag. Wanneer die uitdaging opduik om iets te doen, soek hulle net vir nog een teken of nog één woord – en so met die tekensoekery verdwyn ook die wil om oor te gaan tot aksie.

Ek sê baie: Begin net en kyk wat gaan gebeur. Vir my het dit gewerk, ek glo dit kan vir jou ook.
Ek glo in mense en ek glo in wonderwerke. Vir solank as wat ek uitdeel, sal die olie bly vloei. God kan dit vir jou ook doen.
Dis nie net dat God aan jou ‘n wonderwerk wil gee nie, Hy wil van jou ‘n wonderwerk in iemand anders se lewe ook maak.

Besluit vandag nog om ‘n gewer en uitdeler te word. Jy mag dalk net ontdek dat die wonderwerk in die huis is.
* Vergeet wat agter jou lê. * Waag uit in die dieptes in.
* Vind ‘n paar leë kanne en begin hulle volmaak.
* Wat Hy ookal vir jou sê om te doen, doen dit.
* Vertrou op Hom vir ‘n wonderwerk.

.....

STOOR DIT IN JOU BREIN:

As ons kyk na die amp van lering of prediking, is dit belangrik om te let na hoe leraars optree.
Ek kan jou tog nie van liefde kom leer as ek jou nie voorheen gewys het dat liefde deur my kan vloei nie. Daar is net te veel leraars wat dinge preek maar dit self nie doen nie.

Om mense te leer is so belangrik vir my. Dit is hoe ek andere kan toerus vir hulle toekoms. Dit is hoe ons kan verseker dat die toekomstige leraas hier ontwikkel kan word.

Lering begin in jou brein. Ek kan iets hoor, iets lees of iets bonatuurliks ondervind wat vir my die inspirasie kan wees van ‘n nuwe lering. Hierdie gedagtes word dan omgesit in woorde en in onderwysing.

Alles waaraan ons blootgestel word elke dag, gaan in ons brein in en word daar gesif. Wat ons ook al sien, hoor, proe, ruik of aan voel – die informasie word direk na jou brein toe geneem.

In jou brein is daar iets wat outomaties gebeur. Die informasie wat nie vir jou belangrik is nie, sal net verlore gaan. Wat jy sien of hoor – as dit nie enige rol in jou lewe speel nie, sal dit net verwerp word. Dit wat vir jou belangrik is, sal behoue bly en gestoor word in jou brein.

Wat is vir jou belangrik?
Dit waarvoor jy verwysing het, dit waarop jy konsentreer, dit waarna jy soek en dit waarvoor jy uitkyk om te sien.
Jou brein sal dit waarvoor jy nie uitkyk nie, weggooi.
Dit beteken jy sien net dit waarvoor jy uitkyk.

In watter realm kies jy om te kyk?
As jy nie doelbewus begeer om God te sien en om in die onsigbare realm te sien nie, sal jy Hom nooit sien nie en sal jy net aanhou sukkel soos tevore.
2 Korinthiërs 4:18;
'Omdat ons nie let op die sigbare dinge nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig.'

Fokus op wat jy moet sien. Doen dit doelbewus en gedissiplineerd.

Hoeveel keer iets met jou gebeur en dan herhaal is ook belangrik. As ek in die donkerte in 'n vreemde plek inloop sal ek sukkel om my pad te vind. Maar, as ek in my eie huis in die nag moet rondloop, het ek 'n baie goeie kans dat ek my weg sal vind. Hoekom?
Omdat ek alreeds baie keer in my eie huis was het my brein outomaties 'n prentjie en 'n beeld gevorm. My brein het besef dat hierdie informasie vir my belangrik is en daarom het ek dit behou.

Mense in hierdie kerk sal soms nie onthou wat die kleur van die mure is nie. Hoekom? Dis nie werklik vir hulle belangrik nie.

Meditasie:
Dit beteken om iets oor en oor in jou gedagtes te sien en te herhaal, sodat die belangrike dinge daaroor in jou brein opgeneem kan word. Omdat jy dit herhaal en herhaal, besef jou brein dat hierdie informasie vir jou belangrik is en word dit behou en nie verwerp nie.

Wanneer dit nou kom by meditasie oor die woord van God of interaksie met Heilige Gees, gebeur dieselfde.
As jy dit nie herhaaldelik in jou gedagtes doen nie, sal jou brein

hierdie woorde of insidente as ‘nie belangrik’ sien en gaan jy dit verloor.

As jy God se woord of intimiteit met Jesus nie aanhou herhaal in jou gedagtes nie, word dit nooit ‘n werklikheid vir jou nie en word dit nooit in jou onderbewussyn gestoor nie. Daarom kan jy dit dan nie later preek of uitspreek nie.

Wat gebeur as iets slegs met jou gebeur? Trauma of ‘n onaangename ondervinding. Dit gebeur meestal skielik maar dis so erg dat dit ‘n konstante herinnering vorm en dan kan jy dit nie vergeet nie.
Ons sien dit baie na ongelukke of naby-dood ondervindinge.

Soms probeer jou brein om hierdie negatiewe dinge vir jou uit te skakel deur ompaaie te maak in jou brein.
Jy sal doelbewus hierdie gedagtes blokkeer en jouself probeer losmaak daarvan.
Dit is die ding wat ons altyd sien met persone wat veelvuldige persoonlikhede ontwikkel. Dit is eintlik ‘n vorm van beskerming en ontvlugting van al die effekte van die erge trauma.

Net soos ons alles wat ons in die fisiese wêreld beleef, nie stoor nie, net so gebeur dit ook in die geestelike.
Meeste van ons kan nie geestelike sensasies of informasie mooi 3 onthou nie, want ons het geen anker daarvoor nie.
Ek lees nou iets, maar later kan ek nie die plek van die vers in die Bybel onthou nie. Die grootste rede daarvoor is dat ons nie teruggaan en die geestelike ondervinding aanhou herhaal nie.
Ook ‘n rede is dat ons soms nie genoeg sulke ondervindinge het nie.

As ons in ons geestelike realm wil groei moet ons ons brein stimuleer. Dit doen ons deur baie gereeld in tale te praat en na elke ondervinding doelbewus te gaan sit en mediteer daaroor.
As ons dit kan regkry sal ons ‘n permanente geheue opbou van visies, drome en gesigte.
Hoe meer ons die ondervinding herhaal, hoe meer informasie sal gestoor word en nie verwerp word nie.

Deur meditasie, deur herhaling, deur dit vas te maak aan die waar-heid, hoe meer word ons hele geheue daaroor behoue gebly.
Die openbaring wat kom deur die woord van God word dan iets

waarvan ons die hele tyd kan lewe.
Hoe meer ons daarin lewe, hoe sterker word dit, totdat die waarheid van die woord in my lewe sal uitdrukking kry.

As jy nie weet wat die woord van God sê deur ondervinding nie, dan maak jy presies wat 'n pappegaai doen.
Hy kan woorde sê, maar hy weet nie werklik wat hulle beteken nie.

Ons moet persone word wat die woord in ons het, sodat wanneer ons praat, ons dit doen in dieselfde outoriteit en krag as die persoon wat dit geskryf het, nl. Heilige Gees.
Dit kom alleenlik deur te leer hoe om te mediteer, sodat jy dit later kan herhaal.

Gebruik dit of verloor dit:

Dit help om dit neer te skryf wat God aan ons openbaar in die woord. Daarna moet dit weer beleef word en weer herhaal word. Selfs hemelse ondervindinge kan maklik vergete raak.
Die beginsel van 'gebruik dit of verloor dit' is die sleutel hiervan.

God is voortdurend besig om met ons te kommunikeer.
Hy sal ook met ons praat deur die Bybel. Die oomblik as Hy praat en deur sy Woord sal die woorde uitspring die oomblik as jy dit lees. Dan sal ons sê: 'Dis baie gaaf!' Dan word hierdie sinnetjie onder-4 streep en ons gaan aan om iets anders te lees.

Dis wanneer die Here kom en sê: 'Wanneer gaan jy jou Bybel gebruik vir iets meer as net liaseerboek? Wanneer gaan jy die waarheid kry en dan leef uit die waarheid van die woorde wat Ek jou gee?'

Dit moet ons hele uitkyk verander oor hoe ons die Bybel moet lees. Die oomblik as jy by 'n woord kom wat met jou praat, moet jy net daar stop. Trek dan elke bietjie van die waarheid uit daardie woord wat jy kan. Soms moet jy meer as 'n maand spandeer aan net een of twee verse. Dan word dit later skrif waarvan jy moet leef.
Dit word nou fundametele waarheid in my.
Jy moet begin leef uit die openbaring wat God jou gee, want jy moet daardie woord vat en hom oor en oor opsê en oor en oor daaroor mediteer sodat God die volle waarheid aan jou kan openbaar.

As jy nou God se woord lees hoef jy nie ‘n hele deel of ‘n hele hoofstuk te lees nie. Soms hoef jy net een sinnetjie te lees.
God kan aan jou iets openbaar deur een woord wat jou hele lewe kan verander. Jy kan nou rondloop met die woord van God in jou lewe omdat jy vol is van die waarheid wat spesifiek aan jou gedeel is. Die oomblik as jy mediteer op die woord kan dit prentjies en selfs visies word. Nou is dit maklik om dit te preek en vir ander te leer.

Ons het dit almal nodig.
Meditasie vorm ‘n deur vir jou na visies en bonatuurlike ondervindinge. Gaan net oor dit genoeg dat jou brein kan besef dis belangrik vir jou, en dit dan stoor...

.....

‘SWYG EN WEES STIL..’

Dit was Jesus se woorde van outoriteit in die middel van die storm gewees.

Het jy al ooit opgemerk hoe verskillende mense wat dieselfde omstandighede beleef, kan verskil in hoe hulle ‘n saak hanteer?
Die een persoon kan paniekerig raak en toelaat dat vrees hom oorweldig, terwyl die ander een kalm en gefokus kan bly in sy soeke na die oplossing van die probleem.
Dit word so duidelik illustreer in ‘n gebeurtenis een nag toe Jesus en sy dissipels in ‘n boot was op die see van Galilea.

Markus 4:35-38;
‘En toe dit aand geword het op daardie dag, het Hy vir hulle gesê: Laat ons oorvaar na die ander kant.
En hulle het die skare verlaat en Hom, net soos Hy was, saamgeneem in die skuit; en daar was ook ander skuitjies by Hom.
En ‘n groot stormwind het opgekom, en die golwe het in die skuit geslaan, sodat dit al vol wou word.
Maar Hy was agter op die skuit aan die slaap op die kussing.
En hulle het Hom wakker gemaak en vir Hom gesê: Meester, gee U nie om dat ons vergaan nie?’

Jesus was in dieselfde boot as die dissipels toe daar iets dramaties gebeur het.

‘n Geweldige storm het losgebars en groot golwe het teen die skip geslaan en die boot was vinnig besig om water te skep en te sink.

Hierdie was defnitief nie net ‘n klein toetsie vir die dissipels nie. Hulle was ervare vissermanne en ons moet glo dat hulle al menige storms op see moes hanteer het.
Maar, hierdie nag was dit anders.
Hulle besef dis ‘n verwoestende storm en hulle was bang!
Die dissipels in die boot was paniekerig en Jesus was vas aan die slaap!
In ‘n toestand van vrees maak hulle hom wakker en skreeu:
‘Meester, gee U nie om dat ons vergaan nie?’

Jesus het opgestaan en kalm die hele probleem hanteer.
Jesus en sy dissipels het dieselfde krisis beleef, maar elkeen het die situasie anders hanteer.

Markus 4:39-41; ‘En Hy het opgestaan en die wind bestraf en vir die see gesê: Swyg, wees stil! En die wind het gaan lê, en daar het ‘n groot stilte gekom. Toe sê Hy vir hulle: Waarom is julle so bang? Hoe het julle dan geen geloof nie?
En ‘n groot vrees het hulle oorweldig, en hulle het vir mekaar gesê: Wie is Hy tog, dat selfs die wind en die see Hom gehoorsaam is!’

Wat is die lesse wat ons uit dié gedeelte moet leer?

Eerstens:

God het nooit belowe dat ons nie weer probleme sal hê nie.
Ek wonder of die dissipels dit verstaan het. Jesus was dan saam met hulle in die boot – hoe kan enigiets dan verkeerd gaan?
Hulle het geglo alles sal net glad verloop. Hulle was verkeerd.
Jesus is dan in ons lewe. Hoe kan goed dan verkeerd gaan?

Dis baie belangrik om te let dat Jesus nie die storm verhoed het om op te kom van die begin af nie. Die storm het vanself net opgekom.
Tog hoor ons elke dag mense wat sê: “Waarom het God hierdie ding in my lewe nie gekeer nie?”

Ons moet besef dat niemand vrygestel is van die storms van die lewe nie. Toetse en beproewinge kom na almal van ons toe.
Niemand op aarde is vry daarvan nie.

In die gebeurtenis op see het Jesus die water en die wind herken, maar teen die storm opgestaan.
Hierdie storm was nie van God af nie en Jesus het dit geweet.
Dis so belangrik dat ons moet besef wat in die gees gebeur tydens elke storm van die lewe.

Jesus self het ons gewaarsku dat daar vervolging vir ons sal wees.
Johannes 16:33;
'Dit het Ek vir julle gesê, dat julle in My vrede kan hê.
In die wêreld sal julle verdrukking hê; maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin.'

Jesus sê duidelik dat daar vervolging sal wees net omdat ons nog in die wêreld is.

Ongelukkig is daar nog kerke wat vir gelowiges sê dat daar geen probleme verder vir die mense in die kerk sal wees nie, maar dis nie wat die Woord van God vir ons sê nie.

Ons het 'n geestelike vyand – die Satan en hy is elke oomblik besig om ons te toets om uit te vind of ons werklik waardig is om die lewe so te hanteer, soos wat ons sê ons doen.

In Johannes 16 sê Jesus dat ons vervolging gaan hê.
Hy het egter nie daar gestop nie.
Hy sê duidelik wat ons moet doen ten midde van aanslag: **'Hou goeie moed**', want die oorwinning sal in die môre daar wees.

Toe Jesus Christus aarde toe gekom het as 'n man is Hy deur die vyand met elke moontlik versoeking versoek.
Maar, omdat Hy 'n sondelose lewe gelei het kon Hy elke aanslag weerstaan en is Hy gewillig geslaan, verwoes en gekruisig.
Dis hoekom Hy die dood, die hel en die graf kon oorwin.

Jesus het nie die 'wêreld oorwin' vir Homself nie, maar dit was vir jou en vir my.
As ons die groot offer wat Jesus gebring het deelagtig is, het ons al die rede om goeie moed te kan hou (in Engels: 'to be in good cheer'), al is dit tydens probleme en toetse.

Tweedens:
God se beskerming en rus.

Toe Jesus en sy dissipels die seile gespan het en uitgevaar het op

die see, was dit net nadat Hy die menigtes geleer het.
Hy was verseker moeg en afgemat en ons lees dat Hy agter in die boot gaan lê het en aan die slaap geraak het. (***Markus 4:36,38***)

Hier sien ons ons Redder ook as volkome mens. Die menslike liggaam kan moeg en swak word en dit het ook behoefte aan rus en verkwikking. Hy het so vas geslaap te midde van die erge storm dat Hy nie eers wakker geword het nie.
Die klein bootjie moes geruk en geskud het agv al die golwe en die wind, maar Hy het so diep geslaap dat hulle Hom 'moes wakker maak'.

Hierdie is 'n voorbeeld dat dit presies is wat ons as Sy kinders ook moet doen.
Ons is veronderstel om elke dag net te gaan slaap en te rus in Sy arms sonder om te bekommer, want Hy is mos daar vir ons.

Vir elkeen om in Jesus te kan rus, beteken om in Sy rus in te gaan. 'n Rus wat vrede en kalmte bring 'wat alle verstand te bowe gaan.'

Die verhaal word vertel van die ou Duitse tannie wat in die middel van die bombardement van Duitsland, aangesê is om elke aand te kom aanmeld om in 'n plek van beskerming te slaap. Sy het net so elke tweede oggend kom groet, ten spyte van almal se raad.
Haar woorde was: 'Jesus het gesê Hy sluimer of slaap nie. So, waarom sou ek dan nou ook wakkerlê op 'n vreemde plek, as Hy wakker is. Ek het elke aand net in Hom gerus.'

Die storms van die lewe mag om jou woed, maar as jy in Jesus se rus is, het jy altyd 'n gevoel van kalmte hier binne-in jou, en jy weet: 'Dit maak nie saak wat gebeur nie, Jesus is op hierdie oomblik besig met die oplossing van my probleem.' Dis die enigste manier waarop ek en jy die storms daar buite gaan hanteer.

Jesus Christus het self al Sy vertroue in Sy Vader geplaas – dis hoekom Hy ook in hierdie storm op see, net kon rus.
Sy dissipels het dit nie geweet nie en dis waarom hulle in die krisis geskreeu het: 'Jesus, ons gaan verdrink, maar dit lyk nie vir ons asof U daaroor bekommerd is nie!'

Derdens:
Jesus se outoriteit oor die gees van verwoesting.

Nadat Hy wakker geword het, het Hy opgestaan en vir die storm gesê: 'Swyg, wees stil, en die wind het gaan lê.'
Hier sien ons Sy absolute outoriteit oor die skepping en oor die vyand se plan om verwoesting te saai.

Jesus Christus was van die begin af deel van die Godheid by die skepping. Hy was ook daar toe die hemele en die aarde gemaak is. Toe Jesus skielik daardie aand uitgeroep het, het die hele skepping - die water en die wind, die stem van die Skepper God herken, en was gehoorsaam daaraan.

Jesus het verseker die kragte van die natuur herken wat op daardie dag op die see van Galilea was.
Maar, Hy het ook verseker geweet wie die bose magte was wat agter die storm gesit het.
Dis in daardie outoriteit wat Hy die mag kon breek het.

In ***Markus 1:23-25*** lees ons van Jesus wat in die sinagoge ingestap het en dat daar 'n man met 'n onrein gees in die kerk.
Vir daardie gees het Hy net gesê: 'Bly stil en gaan uit hom uit!'

Dieselfde gebeur met die bose gees wat in die storm was daardie aand. Hy het net vir die gees gesê: 'Swyg. Wees stil' en die wind het gaan lê.
Jesus het presies geweet dat Satan betrokke was in die storm, net soos wat hy betrokke was in die man in die sinagoge. Hy kon hierdie opposisie hanteer, want Hy het die outoriteit gehad.

Jesus het egter hierdie outoriteit aan die kerk gegee:

Na Sy opstanding uit die dood praat Hy met Sy volgelinge hieroor – oor hierdie outoriteit en hierdie krag:

Mattheus 28:18-20; 'En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld.'

Jesus het op aarde Sy outoriteit en krag bewys deur siekes gesond te maak, demone uit te dryf, dooies lewendig te maak en deur die natuur se elemente Hom te laat gehoorsaam.

Daarna kon Hy vir Sy liggaam, vir Sy kerk sê:
'Nou gee Ek hierdie outoriteit oor aan julle. Gaan in My Naam en in My outoriteit en gaan verander die wêreld. Gaan doen presies wat Ek gedoen het'

Die oomblik as jy jou Godgegewe outoriteit teen die vyand gebruik, herken die Satan dit dadelik en het hy geen keuse as om dit te gehoorsaam nie. Ons moet besef dat as ons die wêreld wil oorwin, het ons nodig om dit in **die geestelike realm** te doen, deur die krag van Jesus Christus.

Vierdens:
'Laat ons oorvaar na die ander kant.'

Jesus sê dit aan sy dissipels toe hulle bootreis begin het daardie aand. Hier spreek Jesus die woorde uit. 'Laat ons oorvaar na die anderkant toe'.
In die storm het die dissipels hierdie woorde vergeet.
Hulle het geweet dat as Jesus enigiets gesê het, het dit gebeur.
Toe dinge egter begin verkeerd gaan het hulle nie onthou dat Jesus dit gesê het nie.

Wat sê Jesus oor Sy woorde? ***Mattheus 24:35;***
'Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar my woorde sal nooit verbygaan nie.'

Die Woord van God is ewig, dit verander nooit.
Toe Jesus gesê het: 'Laat ons oorvaar na die ander kant' toe, is dit presies wat Hy wou doen, en Hy het geweet niks kan hom stop nie.
Hy was baie bewus dat die Satan dit altyd kan teenstaan.
As sy dissipels hierdie woorde onthou het en daaraan vasgehou het, sou hulle nooit paniekerig en bang gewees het nie.

Ek glo werklik dat as hulle die outoriteit net daar opgeneem het en Christus se woorde onthou het, sou hulle self die storm kon stilmaak. Jesus staan op en maak die storm stil en sê: 'Waarom is julle so bang. Het julle dan geen geloof nie?'

Elkeen van ons gelowiges gaan toetse en probleme in ons lewe ondervind. Die vyand gaan kom toets om uit te vind of ons werklik glo wat ons sê ons glo.

Dis een ding om te sê ons glo, maar dis totaal ‘n ander ding om vas te hou aan ons geloof wanneer ons deur slegte tye gaan.

As die waters kalm is en die hemel is blou sê ons maklik: ‘Ek glo God se Woord’, maar wanneer die storm woed op die see van die lewe, wat doen ons dan?’
Dis dan die verkeerde tyd om te roep: ‘God, hoekom laat U hierdie dinge toe in my lewe?’, óf sal jy kan ontspan in Sy rus?

Op die outoriteit van God se onveranderbare Woord kan ons bly staan teen die storms van die lewe en die aanslag van die bose.

Ons sal nie net in Sy vrede en rus kan ingaan nie, ons sal ook kan ‘oorgaan na die ander kant toe’ en God se oorwinning smaak.

.....

DIE GLORIE VAN GOD

Ons beleef tans die tydperk wat bekend staan as ‘die transformasie van die kerk’. Die restourasie van die kerk gaan ‘n nuwe groep leiers oplei met ‘n apostoliese salwing wat vreesloos die gelowiges gaan help verander. Die doel bly altyd dat almal in die kerk toegerus moet word om uit te gaan en magtige dinge te doen.
Die een teken van die herstelde kerk gaan die sienbare glorie en heerlikheid van God wees.

Hoekom kon Moses die heerlikheid van God sien?
Want hy het God gevra om hom die glorie te wys en God het hom gewys wat hy gevra het. Die tyd van ‘n swak kerk moet vervang word deur ‘n kragtige gemeente, wat Christus in elke opsig kan wys. Dit is die glorie van God wat ons guns gaan gee om te kan staan voor konings om aan almal die outoriteit van die hemele te wys.

Hoe lyk die heerlikheid van God?
Die heerlikheid van God beteken dat die hemel aan die aarde raak. Die salwing gee ons die krag, maar dis die heerlikheid in ons wat ons teenstanders gaan oorwin.
Dit waarin ons nou gaan sal baie groter wees as die heerlikheid van die verlede.
Haggai 2:9;
‘Die toekomstige heerlikheid van hierdie huis sal groter wees as die

vroeëre, sê die HERE van die leërskare; en op hierdie plek sal Ek vrede gee'.

As ons geloof wil bou en 'n verwagting vir wat kom, moet ons eers kyk na die glorie van God in die Ou Testament.

Eksodus 16:10;

'En onderwyl Aäron die hele vergadering van die kinders van Israel toespreek, draai hulle na die woestyn toe en meteens verskyn die heerlikheid van God in die wolk. Almal het die heerlikheid van God gesien. Met hulle eie oë! '

Soveel keer kom die heerlikheid van God in 'n wolk.

Dit het duisende jare gelede met die Israeliete gebeur en dit gaan nou weer in 'n groter maat kom. Dis nog nie daar nie, maar glo my, dis op pad.

Eksodus 24:16;

'En die heerlikheid van God het op die berg Sinai gebly, en die wolk het dit ses dae lank oordek. En op die sewende dag het Hy na Moses geroep uit die wolk'.

Eksodus 40:34-35;

'Toe het die wolk die tent van samekoms oordek, en die heerlikheid van God het die tabernakel vervul, sodat Moses nie in die tent van samekoms kon ingaan nie, omdat die wolk daarop gerus en die heerlikheid van God die tabernakel vervul het'.

As ons dit neem na vandag se tyd gaan die heerlikheid van God in ons kerkgeboue inkom en bokant ons rus. Dit is wat ons moet verwag om te gebeur. Dit wat alreeds gebeur het gaan weer kom. Hierdie profesie het nog nie in vervulling gekom nie.

In die verlede het ons die uitstorting van Heilige Gees verwag. Dit het gekom en ons het al die krag ontvang wat ons nodig het. Ons soek nou iets meer. Ons verwag Sy heerlikheid om te kom. Dis wat ons gaan afsonder in hierdie jare. Dit gaan die kerk wys as 'die ware kerk van God'.

Jesus Christus het self die heerlikheid beleef:

Markus 9:2-3;

'En ná ses dae het Jesus vir Petrus en Jakobus en Johannes saamgeneem en hulle alleen op 'n hoë berg in die eensaamheid geneem; en Hy het voor hulle van gedaante verander,

en sy klere het blink geword, baie wit soos sneeu, wit soos geen bleiker op aarde dit kan maak nie'.

Jesus se ondervinding is gedeel deur Petrus, Jakobus en Johannes.

Markus 9:5-7;
'Toe spreek Petrus en sê vir Jesus: Rabbi, dit is goed dat ons hier is. Laat ons dan drie **gedenktekens** hier maak: vir U een en vir Moses een en vir Elía een.
Want hy het nie geweet wat om te sê nie, want hulle was heeltemal verskrik.
En daar kom 'n wolk wat hulle oordek; en uit die wolk kom 'n stem wat sê: Dit is my geliefde Seun, **open julle verstand en luister na Sy Woorde!**

Dit lyk hier asof Petrus nie werklik geweet het wat om te sê nie. Eintlik het hy 'n groot profetiese uitspraak gegee. Profeties sê hy: Kom ons bou drie gedenktekens – drie kerke hier, sodat U heerlikheid in die kerke kan inkom.

Toe Moses God se glorie gesien en beleef het, het sy gesig geblink en almal kon sien hy was in die teenwoordigheid van God.
Die lig was so helder dat hulle hul gesigte moes bedek.
Dit gaan moontlik in die toekoms ook 'n teken vir andere wees as hulle mense se gesigte gaan sien blink.

2 Korinthiërs 3:18;
'En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in 'n spieël die heerlikheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlikheid tot heerlikheid, as deur die Here wat die Gees is'.

As die mense se gesigte en voorkoppe gaan begin blink, gaan hulle dit nie bedek nie. Dit sal hulle identifiseer as verteenwoordigers van die ware kerk.

Habakkuk 2:14;
'Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van God, soos die waters die seebodem oordek'.

Hoe gaan die hele wêreld gevul word met die heerlikheid van God? Die kerk gaan die draers van die heerlikheid wees, tesame met Die Woord van God.

Dit beteken dat elkeen van ons elke dag moet besef dat ek moet lewe in totale afhanklikheid van God. Ek moet net besef dat elke ding wat ek ontvang, van God af is. Nou wil Hy my uitstuur om Sy heiligheid na die nasies toe te vat. Luister na Sy opdrag:
Handelinge 26:17-18;
'Ek sal jou verlos uit die volk en die heidene na wie Ek jou nou stuur, om hulle oë te open, dat hulle hul van die duisternis tot die lig kan bekeer en van die mag van die Satan tot God, sodat hulle deur die geloof in My vergifnis van sondes en 'n erfdeel onder die geheiligdes kan ontvang'.

Hierdie is 'n baie belangrike opdrag aan Sy kerk, nie net aan die dissiplels nie – 'bekeer die wêreld van duisternis tot lig en van die mag van Satan tot God'.
Die wêreld in die algemeen is totaal onbewus dat Satan hulle beheer deur sy mag. As gelowiges het ons 'n opdrag om hulle vry te maak van Satan se greep, sodat hulle 'vergifnis van sonde' kan ontvang.

Mense, 'n groter dimensie van liefde moet in ons inkom!
Liefde - liefde – liefde!.
Liefde soek nie sy eie belang nie. Dis so belangrik van liefde.
Die oomblik dat jy dink dat jy net liefde moet ontvang en dit nie gee nie, gaan dit oor jou eie belang. Liefde moet gegee word, ondanks wat jy daaruit kan kry.
As jy liefde gee met die voorwaarde dat dit dan ook moet teruggegee word, dan gaan dit net oor jou. Gee liefde, hoeveel terugkom is nie van belang nie. Jesus het alles gegee – Sy liefde, Sy bloed, Sy lewe – onvoorwaardelik. Wat en hoeveel ons teruggee hang net van onsself af.

Ek het in die wêreld geleer dat die makliker is om 'n bakleier en 'n wildebees te verander, as iemand wat in selfbejammering en liefdeloosheid leef. Hulle is gewoonlik mense wat net van ander se liefde afhanklik word, soos 'n emosionele bedelaar. Hulle het dan ook die gesindheid van: 'As iemand nie vir my gee wat ek alleen wil hê nie, wip ek myself!' Die hele wêreld is vol van sulke mense!

As jy vandag moeg, teleurgestel en alleen voel, kom ons lees
Jesaja 40:29-31;
'Hy gee die vermoeide krag en vermenigvuldig sterkte vir die wat geen kragte het nie. Die jonges word moeg en mat, en die

jongmanne struikel selfs; maar die wat op die HERE wag, kry nuwe krag; hulle vaar op met vleuels soos die arende; hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle wandel en word nie mat nie’.

Die gevoel dat die mat onder jou voete uitgepluk word, ken ons almal. Alles waarvoor jy gewerk het en voor gehoop het en op vertrou het, val skielik uitmekaar. God het ons gewaarsku dat hierdie tye sal kom, maar ons wou dit nie regtig aanvaar nie.

As ons vandag wil oorleef moet ons ons manier van dink en sien verander. Jesus het aan ons ‘n lewe in oorvloed belowe.
Ons moet dit vasgryp en vashou.
Ons kan nie langer net op finansies vertrou nie.
Ons kan nie net vertrou op wat ander mense vir ons kan gee nie.
Ons kan nie net op die sisteem wat die land beheer, vertrou nie.
Dit moet Jesus wees en Hy alleen.

Kom ons kyk wat in Daniël se lewe gebeur het.
Sadrag, Mesag en Abednego word in die vuuroond gegooi.
Kyk mooi: God het ons nog nooit beloof dat ons nie ook daar sal beland nie. Hy het nog nooit belowe dat ek en jy nie vuur gaan ervaar nie.
Maar, Hy haal ons nie uit die vuur uit nie – Hy loop saam met ons in die vuur. Hier sal Hy omsien dat ons nie sal verbrand nie.
Was daar nie ‘n vierde persoon in die oond saam met Sadrag, Mesag en Abednego in die vuur nie? Het hulle verbrand?
Nee, al was hulle in die vuurkroes van die lewe, hulle is gered!

Psalm 34:19; ‘Menigvuldig is die teëspoede van die regverdige, maar uit dié almal red die Here hom’.
Dit gaan weer gebeur as ons aanhou loop in die verbond van beskerming wat God met ons het. As ons God wil speel, beweeg ons onder Sy beskerming uit en sal ons faal.

As ons nou wil inbeweeg in die heerlikheid van God moet ons inbeweeg in ‘n hoër en dieper dimensie.
Elke mens op aarde is ‘n geestelike wese, sowel as ‘n fisiese mens. Almal kan egter in ‘n hoër dimensie begin beweeg. Dis waar die glorie is.

‘n Mens kan die geestelike sfeer van sy vierde dimensie ontwikkel. Hy kan dit doen deur sekere ondervindinge, visies, drome en

profetiese woord in sy gedagtes en verbeelding toe te laat.
Dit beteken net om ten volle vervul te wees met Heilige Gees, wat jou dan beheer.

Hierdie verandering en aktivering van jou vierde dimensie plaas jou in 'n posisie waar jy jouself moet beheer en verander. Dis uit hierdie plek waar jy jouself kan bevind in die hemel, nes dit op aarde is.

God het oorspronklik aan mense krag gegee om oor die skepping te heers. Dit kan alleenlik werk deur 'n mens se hoër dimensie – sy geestelike dimensie. Ons kan alleenlik mag uitoefen en beheer neem deur ons geesmens. God se plan is dat ons almal geestelike wesens moet wees. Die hele kerk moet daarna streef om totaal geesvervuld te leef.

Visies en drome is die taal van die hoër dimensie en Heilige Gees praat deur hulle. Dis slegs deur drome en visies dat jy kan sien om groter kerke te bou en waar om volgende te gaan evangeliseer.
Dis waarom die Bybel sê dat as ons nie visie het nie, alles verlore sal gaan.

Sien in jou drome wat God alles vir jou wil gee.
Toe God ons geskape het, het Hy ons in die hoër dimensie geskape. Dit is die geestes-dimensie.
Daarna het Hy vir ons elkeen die opdrag gegee:
'Lewe in hierdie dimensie. Neem beheer oor jou omstandighede en heers oor alles wat in 'n laer dimensie leef. Dit sluit die wêreld daar buite in.

Die sienbare wat in die kerk moet inkom is die heerlikheid en die glorie van God. Ek glo absoluut dat ons as 'n kerk besig is om in te stap hierin.

.....

'VADER, VERLOS MY VAN DIE BOSE..'

Niemand, behalwe Jesus Christus, ken die Vader intiem, volledig of perfek nie. Die Vader vertrou volkome op Jesus se genade en Sy openbaring aan ons. Ons moet dit net ten volle kan aangryp.

Die Christelike lewe is nie net 'n lewe van werk nie, maar 'n lewe van 'om te word'. Dit gaan net daaroor om alles te doen om God se

heerlikheid en glorie te kan sien en om deur die heerlikheid verander te word om soos Hy te wees.
Daarom kan ‘n positiewe woord van bemoediging aan iemand help om sy lewenswyse totaal te verander.

Die Heilige Gees is ons grootste leermeester.
Hy is die een wat ons gids is en ons sal lei in die volle waarheid.
Jesus Christus self kom om die gevangenes vry te maak en te verlos en ons is slegs die kanale van Sy genade en groot krag.

Hy het alles alreeds gedoen en Satan oorwin.
Ons moet net voortbou daarop en hierdie oorwinning neem en dit afdwing op die vyand, die oortreders verwyder en die land terugneem wat die duiwel onwettig beset het.

Hoe lyk die wêreld vandag***: Mattheus 24:37–38;***
‘En net soos die dae van Noag was, so sal dit ook voor die koms van die Seun van die mens wees.
Want net soos hulle was in die dae voor die sondvloed toe hulle geëet en gedrink het, getrou en in die huwelik uitgegee het, tot op die dag dat Noag in die ark ingegaan het’.

Daar was niks verkeerd om dit te doen nie – maar **dit is al** wat hulle gedoen het. Daar was net geen geestelike groei nie.
Hierdie bevestig net dat mens vandag nog steeds aan die slaap gesus is en dat daar ‘n groot onbewustelikheid is onder hulle aangaande die dinge wat moet gebeur.

So ook is die kerk wêreldwyd vasgevang in sy eiesoortige probleme en gee geen daadwerklike leiding nie.
Soos die tyd aanstap, gaan die stryd tussen God (die Koninkryk van Lig) en Satan (die koninkryk van duisternis) intenser word en toeneem. Satan se grootste taak is om die doktrine en goddelike ondervindinge na te boots en so die mensdom te mislei.

Hy voer al vir duisende jare oorlog teen die mens en die siel van die mens.

As die huidige heerser oor die wêreld het hy – Satan, elke organisasie of menslike poging infiltreer om beheer daaroor te kry.
Die gevolg is net dat groot gedeeltes van politiek, besigheid, opvoeding, medisyne, die wet, kommunikasie, vermaaklikheid en godsdiens onder die invloed van Satan se bose krag is.

Efesiërs 6:12;
*'*Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug'.

Dit beteken net dat agter alles wat ons op aarde sien, die oorlog, die konflik, daar 'n onsienlike geestelike oorlog aan die gang is.
Solank as wat Satan se heersers en sy 'sterk manne' van haat, woede, bitterheid, weerwraak, misleiding, towery, moord, trots, verslawing en gierigheid nog ongehinder kan voortgaan, sal oorlog en moord net aangaan.

Die tragedie is dat die meeste Christene in die liggaam van Christus nie meer stoei en worstel nie en het die kerk 'n posisie ingeneem waar hy kies om nie op te tree nie.

Die misleiding neem toe, daarom die vers: ***Mattheus 24:24;***
'Want daar sal vals christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei!'

Die onderwerp: "Daar is 'n geestelike oorlog aan die gang", word al hoe belangriker in die gelowige se lewe namate die aanslag van die bose erger word.
Geen Christen mag meer oningelig hieroor wees nie want onkunde maak jou 'n maklike teiken.
Ons moet die vyand ken en weet dat hy nie vir 'n oomblik rus nie.

Die goeie nuus: Wel die goeie nuus is dat God besig is om Sy weermag op te rig vir 'n tyd soos dié.
Hierdie weermag gaan die grootste veldslag van alle tye binne – oorlog teen die koninkryk van duisternis.

Ons moet ook weet dat die gelowige wat met sy lewe en hart aan die Almagtige God vashou, niks het om te vrees nie.
Die belangrike aspek van die oorlog teen die duisternis is dat die persone wat alreeds deur die vyand vasgemaak is, bevry moet word.

Die hele bediening van bevryding behoort aan die kerk. Dit moet deel wees van die prediking, lering en genesing in die kerk.
Jesus Christus kom met Sy laaste opdrag:

Mattheus 28:18-20 .
'En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde.
Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld'.

Om te beweeg in hierdie mag is die koninkryk van God. Die mag wat ek het om die duiwel ook uit my eie lewe te kan jaag.
Om mense te help vry kom van demoniese invloed is 'n baie belangrike saak wat Jesus ons leer.
Markus 16:17;
'En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: In my Naam sal hulle duiwels uitdryf'.

Kyk na die meervoudsvorm: 'Hulle' – dis vir die hele gemeente!

Ek sien daagliks hoe Heilige Gees die bediening van bevryding in die kerk vestig. Dit was vir so lank nagelaat en nooit gedoen nie.
Die kerk het hierdie bediening nodig om die lering aangaande God se Koninkryk te kom vestig en om die kerk voor te berei vir Jesus se wederkoms.
Ons kan nie sit soos slawe en wag dat Hy moet terugkom nie!

Bevryding kan deel wees van die normale kerkdiens.
Jesus het nie geskroom om mense in die publiek en in plekke van aanbidding te bevry nie.
Ons moet tog net wegkom van die gedagte dat iemand skaam kan wees oor wat met hom gebeur. Hierdie persoon is in die moeilikheid en moet vry kom – na die diens is die kans dalk vir ewig verby.

Moet nie hier dat emosie jou verhinder nie.

Jesus doen die volgende: ***Markus 1:21,23,25;***
'En hulle het in Kapérnaüm gekom, en dadelik op die sabbat het Hy in die sinagoge ingegaan en begin leer.
En daar was in hulle sinagoge 'n man met 'n onreine gees; en hy het uitgeskreeu. En Jesus het hom bestraf en vir die gees gesê: Bly stil en gaan uit hom uit!'

Ek was soveel keer in sulke kerkdienste:
Die absolute teenwoordigheid van hulle wat beweeg in die krag van

God oor demone, het gemaak dat bose geeste reageer en manifesteer het.

Indien so ‘n manifestasie plaasvind kan jy nou twee dinge doen: Eerstens voortgaan, die persoon bevry en aangaan met die diens, óf tweedens kan jy beheer neem oor die geeste, vir hulle vertel om stil te wees totdat die diens verby is en dan die persoon te bevry. Ek glo dit hang af van die tipe manifestasie.
Soms is dit ook nodig om dit net daar te doen – veral as die gemeente daaruit kan leer.

Mense ek wil weer sê: Hierdie is nie ‘n tyd om te skaam te wees oor jou verlede nie.
Ek het al soveel mense sien baat vind deur net te luister na wat ander mense vertel, bv. hoe hulle deure oopgemaak het in hul verlede en oor die foute wat hul gemaak het. Dis ook belangrik om te luister na die raad wat die bedienaars aan sekere mense gee.

Met enige gebedslyn en bediening moet jy weet die demone luister na wat gebeur. Dit verswak hulle en as dit u tyd kom vir bediening, is bevryding net soveel makliker.
Dis die rede waarom in gebedslyne mense net omval en vrykom al is daar niemand naby aan hulle nie.

Kinderbediening:

Met kinders is dit absoluut noodsaaklik dat ten minste een van die ouers moet bywees as hulle kom vir bediening. Ek persoonlik sal nie maklik ‘n kind bedien net omdat die ouma of die tannie langsaan hulle bring nie. ‘n Goeie ouderdom is tussen sewe en twaalf jaar.

Let hier op na die geeste wat baie algemeen voorkom in kinders: Vrees, selfsugtigheid, woede-buie, kwaad, gekrenkheid, terug-

getrokkenheid en ‘ag-siestog.’ Weet dat ‘ag-siestog’, ‘n gees is. Weet dat daar baie min manifestasie is met kinderbediening.

Ek het groot begrip dat sekere mense privaat hanteer moet word. Daar is soms soveel sleg van die verlede en dit maak belydenis moeilik voor andere.

Demone teer absoluut op sonde wat nie bely is nie en daarom moet alle sonde soms eers hanteer en bely word.

Gaan dan voort om hierdie bediening te vestig in die kerk. Dis een van die gawes van die Heilige Gees en moet so hanteer word.

Ons is geroep om absoluut in geloof te wandel.
In Mattheus 9 lees ons van Jesus wat Jaïrus se dogter weer lewendig gemaak het.
Hy kom daar aan en jaag almal wat twyfel of Hom uitlag uit die huis uit. Dit sluit die familie in. Jesus kry die ongeloof uit die plek uit.
Hy vat aan haar hand en sy word weer lewendig.
Jesus roep die gees van die dooie meisie terug in haar liggaam in en sy lewe!

So verwag Hy dat elkeen van ons moet doen. Daarom beveel Hy ons om dit te doen. Hier moet 'n ander dimensie van geloof in aksie wees. 'n Geloof dat die Woord wat ek uitspreek 'in die Naam van Jesus Christus', lewe kan voortbring.

Daardie Woord kan dooie bene weer laat lewe kry. Daardie Woord wat deur jou mond in geloof uitgespreek word, kan lewe bring. Lewe vir ongereddes, Lewe in jou huis. Lewe in die Woordloses wat Die Woord nie meer volg nie!

Hoe lyk die kerk vandag? Ek lees die volgende van Tessa Ward:
Sy skryf: 'Ek sien 'n bruid wat 'n trourok wil aantrek, maar, sy wil nie getroud wees nie! Sy wil al die voordele en intimiteit hê van die huwelik. Die pragtige trourok, die ring en die finansies, sonder dat sy gebonde wil wees aan die huwelik.

Sy wil nog haar vryheid hê. Dit is die bruid van Christus wat net in die voordele van God belangstel. Sy wil al God se bonatuurlike en wonderlike openbaring hê, sonder om aan Hom vasgemaak te wees in elke area van haar lewe'.

Kerk, dit werk nie so nie! God is op soek na 'n pragtige, rein maagdelike bruid wat nie meer met die wêreld getroud is nie.
Ons moet elke dag ons verbond met God hernu in elke aspek van ons lewe.

Mattheus 9:16; '
En Jesus sê vir hulle: Kan die bruilofsgaste dan treur so lank as die bruidegom by hulle is? Maar daar sal dae kom wanneer die bruidegom van hulle weggeneem word, en dan sal hulle vas.

En niemand sit ‘n stuk nuwe ongekrimpte leer op ‘n ou leerkleed nie; want die aangelapte stuk skeur van die kleed af en daar kom ‘n erger skeur.

.....

BEKERING VAN PAULUS

Die vraag bly altyd daar: Hoe ver het ons gevorder met ons toerusting vir herlewing in die kerk van Jesus Christus vandag?
Die kerk moet die heiliges toerus vir hulle werk. As ons terugkyk na waar die kerk oorspronklik begin het, besef ek dat ons weer by die begin is.
Wat het oorspronklik gebeur? Jesus Christus het gekom en vir drie-en-‘n half jaar vir Sy manne geleer oor die Koninkryk van God. Hierdie Koninkryk gaan onder andere daaroor dat Sy kerk op aarde gevestig en effektief moet wees.

Wat het gebeur 2000 jaar gelede?
Jesus is gekruisig. Direk daarna is die uitstorting van Heilige Gees om Jesus se volgelinge toe te rus met krag vir die taak wat op hulle wag. Na die uitstorting van Heilige Gees volg Petrus se beroemde toespraak op Pinksterdag.
‘n Menigte kom tot bekering en begin om hulle te voeg by die manne en die eerste kerke begin. Die apostels preek met vrymoedigheid. Hulle het een doel: Om die wêreld te bekeer en almal te leer oor die Koninkryk van God! Ons is vandag weer daar.

Die eerste groot gebeurtenis kom toe Petrus en Johannes die kreupel-gebore man genees. Dié gebeurtenis en die Evangelie het skielik baie groot aandag begin trek.
Nou ja, soos nog altyd trek dit ook die aandag van die Joodse Raad. Daar is skielik vervolging en alles word gedoen om die radikales wat goed doen, teen te staan en hulle word in die gevangenis gegooi.

Stéfanus word die eerste martelaar toe hy gestenig word.
Ek wil net hê dat jy vandag moet let op al die bonatuurlike dinge wat hier gebeur het. Daar was soveel bonatuurlike tekens wat gebeur het, wat vandag weer besig is om te gebeur.
Ek wil jou so graag leer dat as iets alreeds in die Bybel gebeur het, dit weer kan gebeur.

Dis tog so moeilik om te verstaan waarom die kerk net soos in die verlede, alle bonatuurlike dinge so teenstaan, as dit eintlik alreeds opgeteken is.

Kom ons lees: ***Handelinge 6:8***; 'En Stéfanus, vol van geloof en krag, het groot wonders en tekens onder die volk gedoen'.

Handelinge 6:12; 'En hulle (die kerkmanne) het die volk en die ouderlinge en die skrifgeleerdes in beweging gebring en op hom afgekom en hom gegryp en voor die Raad gebring'.

En wat gebeur: Almal in die Raad sien hoe Stéfanus van gedaante verander. ***Handelinge 6:15;***
'En terwyl almal wat in die Raad sit, hul oë stip op hom hou, sien hulle dat sy gesig soos die gesig van 'n engel was'.

Ons moet weet dat die uitstraling van God se heerlikheid in jou sal aanhou skyn. Dit word spesifiek gedoen sodat die soekers na die Waarheid, dit kan sien.

Handelinge 7:55 en 56;
'Maar Stéfanus was vol van die Heilige Gees en het sy oë na die hemel gehou en die heerlikheid van God gesien en Jesus wat staan aan die regterhand van God.
En hy het gesê: Kyk, ek sien die hemele geopend en die Seun van die Mens – Jesus aan die regterhand van God staan'.

Wat gebeur hier? Hy het gesien!
Stéfanus, hier op aarde, kan sy oë op die hemel hou en Jesus sien. Hy sien Jesus in Sy heerlikheid staan.
Was Stéfanus hier dood? Nee, hy is eers daarna uitgesleep na buite toe en gestenig.
So, dit is vir ons wat ook vol is van Heilige Gees moontlik om hier op aarde ons geestelike oë oop te maak en Jesus te sien in die hemele.

Wanneer kan dit gebeur?
Wanneer God aan jou sekere dinge wil openbaar, kan Hy dit vandag nog vir jou doen. Is dit moontlik? JA, sommer nou.

Handelinge 7:58; 'En hulle het Stéfanus buitekant die stad uitgewerp en hom gestenig; en die getuies het hulle klere neergelê by die voete van 'n jongman met die naam van Saulus'.

Ek lees van iemand wat 'n groot openbaring oor hierdie insident by Jesus self gehad het. Jesus toon aan die man hierdie gedeelte in die Bybel. Jesus vra hom daarna: 'Wil jy My iets vra hieroor?'
Die man antwoord: 'Ja, ek wil. Toe Stéfanus U in die hemele gesien het, waarom het U gestaan? Waarom het U nie op U troon gesit nie?'
Jesus antwoord hom dadelik: 'Dis reg. Ek het gestaan. Ek het gestaan in woede oor wat met Stéfanus gebeur het. Ek het hom gekies om die hele Nuwe Testament te skryf, en hier word hy doodgemaak. Daarna moes Ek Saulus red om dit te kon doen'.

Saulus? Wat het toe met hom gebeur?
Hy begin al hoe 'n belangriker rol speel om die volgelinge van Jesus te vervolg. Hy doen dit met alles wat tot sy beskikking is.
Die grootste tragedie is dat hy gedink het hy doen die kerk 'n guns om almal wat 'n verskil maak, te vervolg.
Maar, ons weet, Jesus Christus het 'n plan met sy lewe.

Handelinge 9:1 en 2;
'Maar Saulus, wat nog dreiging en moord geblaas het teen die dissipels van die Here, het na die hoëpriester gegaan
en van hom briewe gevra aan die sinagoges in Damaskus, sodat as hy mense sou vind wat van die Weg was, manne sowel as vroue, hy hulle geboeid na Jerusalem kon bring'.

Hier is Paulus oppad om net nog meer verwoesting te saai.
Handelinge 9:3 en 4;
'En toe hy op sy reis naby Damaskus kom, omstraal hom skielik 'n lig van die hemel af; en hy val op die grond en hoor 'n stem vir hom sê: Saul, Saul, waarom vervolg jy My?'

Hier gebeur iets wat amper die mees dramatiese is wat in die Bybel staan. Heilige Gees se teenwoordigheid laat Saulus op die grond neerval. Jesus praat uit die hemele uit, maar Sy Gees doen die werk hier op aarde.

Heilige Gees se werk spreek altyd van beweging.
In die Skrif kom Hy 'soos 'n wind, Hy kom soos 'n duif, soos 'n vloeiende rivier, soos 'n brandende vuur en Hy kom soos 'n lig'.

Op watter manier kom Heilige Gees hier? Soos ‘n lig wat uitstraal van die hemel af. Hierdie lig het al die krag gehad om Saulus op die grond te laat val. Hoe gaan die kerk vandag nog Heilige Gees sien? Heilige Gees as lig, as wind, as water, as vuur, as klank, as vibrasie. Die oomblik as Heilige Gees Sy krag loslaat, is daar altyd resultate. Ons sien soveel keer dat dit kom as ‘n krag om jou ook op die grond te laat val. Mense, ons moet gereed wees as Heilige Gees wil manifesteer in Sy kerk. Ons het Hom nodig!

Handelinge 9:5-9;

‘En Saulus sê: Wie is U, Here? En die Here antwoord: Ek is Jesus wat jy vervolg. Dit is hard vir jou om teen die prikkels te skop.
En terwyl hy bewe en verbaas was, sê hy: Here, wat wil U hê moet ek doen? En die Here antwoord hom: Staan op en gaan na die stad, en dit sal jou gesê word wat jy moet doen.
En die manne wat saam met hom op pad was, het sprakeloos gestaan terwyl hulle wel die stem hoor, maar niemand sien nie.
Toe staan Saulus van die grond af op, en alhoewel sy oë oop was, het hy niemand gesien nie; en hulle het hom aan die hand gelei en in Damaskus ingebring.
En drie dae lank het hy niks gesien nie, en niks geëet of gedrink nie’.

Saulus ondergaan hier bonatuurlike dinge. Daar is ‘n stem wat praat met hom, hy lê op die grond en Hy sien niks nie.
Heilige Gees kom nou en gaan verder met die proses.

Handelinge 9:10 en 11;

‘En daar was ‘n dissipel in Damaskus met die naam van Ananías; en die Here het vir hom in ‘n gesig gesê: Ananías! En hy antwoord: Hier is ek, Here.
Toe sê die Here vir hom: Staan op en gaan na die straat wat genoem word Reguitstraat, en vra in die huis van Judas na ‘n man met die naam van Saulus van Tarsus, want kyk, hy bid’.

Hoe sê Jesus toe vir Ananías wat verder moet gebeur? Deur ‘n gesig. Hoe het hierdie visie gekom? ‘n Visie of gesig kom altyd deur Heilige Gees. Jesus praat hoorbaar met hom.
Mense, hoe wil Jesus vandag nog met ons kommunikeer?
Onder andere deur direk met ons te praat en deurvisies.

Het ons nie beloftes dat aan die einde sal ons openbaring sien deur drome en openbaring deur visies, nie?

Al hierdie bonatuurlike dinge gebeur net as jy in intimiteit met Jesus beweeg.

Wat gebeur intussen met Saulus? Dieselfde ding. ***Handelinge 9:12;***

'En Saulus het in 'n gesig 'n man met die naam van Ananías sien inkom en hom die hande oplê, sodat hy weer kon sien'.

Hier kom wys Jesus aan Saulus dat daar 'n man gaan kom om hom te bedien. Saulus sien 'n visie. Hoe lank was hy al gered om dit te kon sien? Hy was nog net drie dae lank blind en in 'n kamertjie.
Weet dat Jesus aan enigiemand 'n visie kan gee.
Dit is tot jou voordeel en ander kere kom dit as 'n waarskuwing.

Ananias daag nou op: ***Handelinge 9:17 en 18;***
'En Ananías het gegaan en in die huis gekom en hom die hande opgelê en gesê: Saul, broeder, die Here het my gestuur, naamlik Jesus wat aan jou verskyn het op die pad waarmee jy gekom het, sodat jy weer kan sien en met die Heilige Gees vervul word.
En dadelik het daar iets soos skille van sy oë afgeval, en hy kon onmiddellik weer sien; en hy het opgestaan en is gedoop'.

Wat kom Ananías vir Salus sê: Die pad na volkome redding en toerusting: Bekering, water en dan Gees. Altyd.
Daar moes bekering kom. Toe is hy gedoop en daarna is hy met Heilige Gees vervul. Nou was Saulus reg vir sy bediening.

Wat gaan nou gebeur?
Ek glo dat die hele kerk deur hierdie proses moet gaan.
As ek en jy herlewing wil sien, hoe gaan dit in die kerk inkom?
Elkeen moet 'n bonatuurlike ondervinding met Jesus en Heilige Gees hê.
Die vraag is nou:
***** Het jy tot bekering gekom?
***** Het die skille al van jou oë afgeval? Ek glo dis so belangrik.
Sien ek en jy nog dinge op my ou manier. Sien ons sonde nog vir wat dit is? Of het daardie skille afgeval sodat ek my nuwe lewe en my bediening kan raaksien?
***** Is ek al gedoop in water tot belydenis van my vorige sondige lewe?
***** Is ek volkome vervul met Heilige Gees wat my krag moet gee?
***** Het ek al enige gevoel gehad dat Heilige Gees in my werk?

Hierdie is die vrae van herlewing.
Dis die vereistes vir my en vir jou om gereed te wees om die groot oes in te bring. Ek is bevrees dat sonder om hierdie weg te volg, ons baie min van herlewing sal sien. Dit waaroor ons praat moet ons mee besig wees elke oomblik van ons lewe.

Mense, ons moet die lig soek wat ons moet omstraal.
Ons moet almal in 'n dimensie beweeg waar, as Heilige Gees opdaag, dit moontlik is dat ons op die grond kan val onder Sy krag.
Ons moet onsself oopmaak om visies en gesigte te sien.

Ek wil nooit weer vir julle sê: 'Ek het 'n visie van Jesus ontvang waarin Hy vir my 'n opdrag gee: Gaan daarheen of soontoe en gaan doen daar iets vir My' en julle sit en wonder of dit die waarheid is of nie. Dit moet die norm van ons lewe wees.

'n Suksesvolle lewe gebeur nie net nie, dit moet gebou word.
'n Man sonder visie is 'n mens sonder rigting en sonder 'n doel.
Omdat ons as Christene visie het, sal ons rigting ook hê.

GEBED: Hemelse Vader, ek plaas al my vertroue vandag in U.
U het al die hoop vir my toekoms wat ek nodig het.
Vul asseblief my hart tot oorlopens toe met daardie hoop.
In Jesus se Naam. AMEN